

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

'n Tyd om te swyg ...?

Waarmee is ons besig? Daar is soveel gesprekke, en nog erger, soveel gapende stiltes. Oor elke woord sal ons voor God verantwoording moet doen. Is ons debat(te) binne die Gereformeerde Kerke tans sinvol? Dra dit enigsins tot iets by? Is hierdie gesprekke/gevegte/debatte/stiltes verterend of vererend?

Die apostel waarsku: Pas op dat julle mekaar nie verslind nie. Ja, goed, die liefde moet blywend wees. Maar ook die waarheid. En die eenheid.

Is ons met die regte diskussies besig? Dit is nie so maklik om tussen stokperdjie-teologie en ware godsdienstige teologie te onderskei nie. Het daar tussen ons nie 'n verwydering ingetree omdat daar 'n verwydering met Christus ingetree het nie? Geweldige woorde wat nie wil wond nie, maar juis die ontsteking in die wond wil aandui.

Laat ons dadelik 'n paar afdraaipaaie in ons diskussies vermy:

- Daar bestaan geen mistieke Christus nie. Moet dus nie dink geestelike eenheid is moontlik, sonder om sigbaar, met hart en siel, eensgesind in Skrif en belydenis te wees nie. Wees eerlik hieroor: voor, tydens en

ná die 150-jarige fees. Moet nie een broeder of suster wegstuur of wegwens nie. 'Vaar heen' is helse woorde. Christus is die Regter. Hy stuur weg. Net Hy.

- Daar is nie meer as een Christus, een vir elke soort kerkverband nie. Kerkskeuring, wat iets anders is as kerkhervorming, is 'n gruwel voor God. Niemand mag dit eers bedink en sy voetstap na die nagmaalstafel wend nie. Satan is die verskeurder. Wat het die tafel van die demone met die tafel van Christus te doen? Wees pynlik eerlik hieroor. Moet nie jousef as broeder of suster só probeer verskoon uit die geselskap van die heiliges nie.
- Daar is nie 'n geprivatiseerde Christus nie. Christus is nie maar bloot 'n gereformeerde perspektief nie. Dit gaan in die kultuur nie oor die christendom nie, maar oor die Christus Self in die kultuur. Laat ons weer teties én anti-teties dink en doen rondom die grondvraag van Christus en sy kultuur, sy handeling in en deur die kerk, sy liggaam.
- Christus is nie 'n westerse stamgod nie. God is alomteenwoordig. Hy kan vir jou sorg – binne en buite Afrika, met of sonder Afrika of die Weste. Vervul jy maar net

jou roeping waar God jou plaas. Christus weet wanneer dit sy uur is, ook in Afrika.

Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie – ook nie in kerklike debatte, geskille en verskille nie. Hy leer ons die taal van die liefde; God die Skepper, sy en ons Vader, se liefde. Slegs deur dit te verstaan, dat God sy Skeppersreg in Jesus Christus op ons uitoefen – ook in ons kerkdebat – sal ons leer om die Geestelike taal van die liefde te bly praat. En daardie liefde praat altyd die waarheid. Dié waarheid maak ons vry.

Waarmee is ons besig? Wat praat ons alles? Waaroor swyg ons? Waaroor sê ons niks: oor die kerk in die kerk, voor die kerk oor die wêreld, oor die kerk voor die wêreld, oor jousef voor God? Oor God voor jou broeder en suster? Oor elke woord, gesê of ongesê, sal God se oordeel oor ons gaan. Verheug ons ons nog in die oordeel van God? 'Laat Juda's dogters hul verheug, omdat Gods oordeel hul verbly het – dié oordeel wat sy volk bevry het' (Psalm 48:5 berymd).

Het die ware Christus jou dan bevry, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika?

ALAB

INHOUD

- | | | | |
|---|---|----|---|
| 1 | Redaksioneel
'n Tyd om te swyg ...? | 16 | Ou goud
Land en volk in die Bybel |
| 2 | Skrifoordenking
Die bruid se blink kleed | | <i>WJ Snyman</i> |
| | <i>Dr MJ du Plessis</i> | 21 | Persskou |
| 4 | Kerkerf
Artikel 69 KO Ruggraat of visgraat? | | - Kerk in die mark |
| | <i>Ds C Jooste</i> | | - Waardegedrewe sinode-agendas |
| 6 | Sondagsheiliging | | - Fundamentalisme |
| | <i>Dr AG Miskin</i> | | - Hoe trek ons aan? |
| | | | <i>Dr GJ Meijer</i> |

Die bruid se blink kleed

Lees: Openbaring 19

En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God (Openbaring 19:8-9).

Om deur die Here Jesus Christus herskep en volmaak gemaak te word, beteken dat ons op die skerp punt van God se genade loop. Die kruisversoening deur die Here Jesus Christus is die wyse waarop die Here ons uit ons gebrokenheid tot volmaakte mense herstel. Ons herskepping is nodig sodat ons Hom kan dien soos wat dit van die begin af bedoel was.

Die tyd in die hemel begin met die vereniging van die Here Jesus Christus en sy kerk. Die Bybel beskryf dat dit begin met 'n troue: die bruilof van die Here Jesus met sy kerk. Ons begin die hiernamaals met 'n fees. Die mense wat op aarde in Christus vernuut is – die kerk van die Here deur die eeue – maak haar soos 'n bruid gereed om die Bruidegom te ontmoet. Op daardie oomblik gaan die verlossingswerk van die Here Jesus Christus finaal in vervulling. God en sy kerk is vir ewig en volmaak bymekaar!

Dit klink baie sprokiesagtig. Waarom gebeur hierdie dinge? Normaalweg praat ons van die wederkoms en die lewe hierna as die tyd van volmaaktheid.

- Dit wat by ons vassteek, is dat ons in die hiernamaals volmaak sal wees. Dit is waar, maar wat word daarvan?
- Ons getuig baie maklik dat die Here Jesus gesterf het sodat ons met God versoen kan word – en dit is waar! Maar waarom het Hy dit gedoen?

Kruispunt

Die kruisiging (versoeningswerk) van die Here Jesus Christus en die bruilof van die Lam hoort bymekaar. Die een is die vervulling en die voortsetting van die ander. Die Here Jesus het ons nie met God versoen sodat ons net hemel toe kan gaan, of – om dit reg te sê – sodat ons in die hiernamaals op die nuwe aarde kan woon nie. Hy het gesterf sodat ons as gevolg van sy versoening herskep kan word – ons en die hele skepping!

Die kruis is dus nie die eindpunt nie; dit is die middel waarmee die Here die eindpunt bereik. Ons en die skepping word deur die oorwinning van die Here Jesus herstel en nuutgemaak, sodat ons ons werk behoorlik kan doen. Ons werk is om God volmaak te aanbid en te eer; om volmaak aan Hom al die eer te gee wat aan Hom, as die ewige God, toekom.

Daar gebeur dus twee dinge. Al twee word in hierdie teks beskryf:

- Die bruid maak haar gereed! Ons weet baie goed uit ons eie ervaring dat die bruid net loop en foute maak. Is ons daaglikse sondes nie die getuie daarvan nie?
- Daarom verduidelik die Here hoe sy haar gereed maak: *aan haar is gegee!*

Die bruid is die kerk wat haar gereed maak om haar Bruidegom te ontmoet, om dan in ewige gemeenskap met Hom saam te leef. In die gereedmaakproses werk God en die kerk. Al twee berei saam voor vir dit wat in die tyd ná die aardse lewe, in die ewige lewe, moet voortgaan.

Lofsang

Hoe openbaar die Here dit? Johannes hoor geweldige koorsange wat God loof en prys. Hulle sing: Halleluja – loof God die Here! Engele en

mense sing saam! Vers 4 vertel dat die gemeente se sang by die van die engele aansluit. Verse 5 tot 8 beskryf dat daar nog stemme bykom wat die Here vir sy gerigsdaad prys: 'almal wat die Here vrees.' 'n Magtige troongees sê: 'Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!'

Die vorm waarin hierdie woorde in Grieks geskryf staan, vertel ons dat die liedere vir ewig aangaan. In die hemel kan die verlostes nie klaarkry met sing en loof nie. Hulle hou vir ewig aan! In die hiernamaals loop ons pad met die Here reguit – daar dien ons Hom opreg en ervaar ons baie vreugde.

Dink altyd in u lewe aan die wederkoms van die Here. Die geluk en vreugde wat ons hier op die aarde ervaar, is maar die eerste beginsels van die geluk en vreugde wat in die hemel in ons harte gaan wees wanneer ons by die Here is. Dit is vir ons profeties van iets baie groters en heerlikers wat die Here vorentoe vir ons het. Daarom moet ons, so opreg en so eerlik as wat ons kan, leef en glo. Ons wil instrumente in die hand van die Here wees wat met ons aardse lewens iets van die hiernamaals weergee.

Godsvrees

Om altyd eerlik en opreg te wees, is nie maklik nie. Die Bybel gebruik hier 'n woord waarmee die verhouding tussen ons en God beskryf word: vrees. Almal wat die Here vrees! Vrees beteken hier nie angs of bangheid nie, maar *sielsgebondenheid*. Met ander woorde ons moet met ons siel aan God die Heilige Gees gebonde wees. Verder beteken die woord ook nog: *verering* en *heilige ontsag*.

Ons wat in Christus vernuut is, moet hierdie liefde en diens aan die Here beleef en

ook elke dag uitleef. Eerstens moet daar die gesindheid van grootste dankbaarheid teenoor God wees vir die geleentheid om die Drie-Enige God te kan aanbid. Ons moet dankbaar wees dat ons mekaar mag liefhê – waarin ons iets beleef van die liefdesverhouding tussen ons en die Here Jesus Christus soos dit in die hiernamaals gaan wees. Dit moet 'n gesindheid wees wat by voorbaat bereid is om alles te gee, en bo die maat vir mekaar op te offer – soos vir die Here. Verder moet ons weet dat God op sy beurt die vertrouwe in ons stel dat ons in hierdie verhouding met Hom en met mekaar die beeld van sy heerlijkheid en van sy verbintenis met elkeen van ons mag uitstraal.

Uitstraling

Ons teksvers sê dat fyn linne die regverdige dade van die heiliges is. Dit maak meteens die saak van heilig wees, en van gelowige wees, baie ernstig. Dit gaan nou oor ons en ons lewe – hoeveel reg en geregtigheid word deur my lewe uitgestraal?

Ons aardse lewe moet 'n voorbereiding wees om in die hemel in die nouste gemeenskap met God te leef. In die hemel begin ons lewe met 'n bruilofsfees. Die bruilof van die Lam het gekom, en sy vrou het haar gereedgemaak! Ons lewe moet 'n voorbereiding wees vir die fees waarmee die hiernamaals begin; dit moet 'n preek en 'n profesie wees van die nouste en innigste gemeenskap waarmee ons en die Here in die hiernamaals gaan saamleef. Ons moet net onthou dat hierdie

profesie as eerste doel het om alle gelowiges daaraan te herinner dat hulle eendag, na hulle dood, na die feesvreugde van die Here Jesus sal gaan.

Twesnydend

Daar is baie duidelik ook 'n skadukant. As die Here sê dat die wat genooi is, salig is, dan beteken dit dat daar ook mense is wat nie genooi is nie, en wat glad nie deel in die saligheid van die Here nie. Dit is mense wat eendag nie by die bruilofsmaal van die Here, en dus ook nie in die hemel sal wees nie.

Dit is die ernstige waarskuwing aan ons: moenie dat die duivel ons oorval nie. Die Satan gaan hard probeer om sy hande op ons liefde vir mekaar te lê. Dit is so in almal se lewe. Daar is geen gelowige se lewe waarmee dit net goed gaan nie. Die gevaar is dat die duivel spanning, twyfel en afval veroorsaak en dat hy dit dan in ernstige vervreemding tussen ons en die Here laat ontwikkel. Dit is die tyd wanneer ons as gelowiges moet onthou dat ons die Here se heiligheid voor oë moet hou.

Gawe en opdrag

Die Here sê: 'Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.' Hoor u in hierdie woorde hoe groot die Here se genade is? Die feit dat die Here sy saligheid oor ons as gelowiges uitspreek, beteken dat ons gelukkig kan leef omdat ons reeds die seën van die Here daarvoor het. Ons lees in 1 Johannes 3:3 van die mense wat op die bruilof sal wees: 'En elkeen wat hierdie hoop op

Hom het, reinig homself soos Hy rein is.' Die Here leer ons hier dat elke mens wat die hoop op die ewige lewe het, sorg dat hy rein lewe soos wat die Here Jesus rein is. Beoefen reinheid daarin dat ons van die sonde af wegvlug, en mekaar altyd met geduld aanvaar. Oefen reinheid daarin dat ons mekaar se geloof sterk maak.

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring' (2 Korintiërs 7:1). Is dit moontlik om dit reg te kry? Die Here beveel ons om ons van alle besoedeling van die vlees en die gees te reinig, en verder om die heiligmaking in die vrees van God te volbring. Die Here praat hier met ons oor verantwoordelikheid. Ons ontvang sy liefde onvoorwaardelik. Christus het ons sondes vergewe toe Hy ons straf aan die kruis gedra het. Nou is ons hersteldes in sy genade – herskeptes wat gereed is om eendag volmaak te kan aanbid en leef. Ons moet ons nou net in hierdie genade oefen, totdat ons in die ewige lewe bekwaam gestel word om tot in ewigheid hierin te kan volhard.

Leef so dat dit ons is van wie die Heilige Gees hier praat; dat ons lewe 'n voorspel is – 'n getuigenis; dat ons gaste is op die bruilof van die Lam!

Dr MJ du Plessis is predikant van die Gereformeerde Kerk Bellville

Artikel 69 KO

Ruggraat of visgraat?

Tydens die eerste Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika is daar druk bespreking oor die kwessie van Artikel 69 KO gevoer. Vanuit 'n eenheidsperspektief is dit 'n netelige kwessie aangesien die kerke van die ou Sinode Middellande, wat nou by die Nasionale Sinode van die GKSA ingeskakel het, 'n ruim aantal Sionsliedere sing. Uit die agenda van die sinode – 'n studierapport, enkele beskrywingspunte en beswaarskrifte – het dit duidelik geblyk dat die kerke oor die voortbestaan van die huidige formulering van Artikel 69 in die Kerkorde van die GKSA sal moet besin. Studiedeputate het vervolgens die opdrag gekry om die volgende Sinode te adviseer oor die moontlike herformulering van Artikel 69. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat daar oor die plek van die betrokke artikel in ons kerklike lewe besin word.

Wanneer daar oor gemeentesang gepraat word, kan die emosies soms hoog loop. Dit is weereens bewys in die kommentaar van lidmate en oudlidmate van die GKSA in die media oor die kwessie van die liedere wat ons sing. Sommige mense is van mening dat dit maar net 'n 'Dopper-ding' is dat daar nie ander liedere as net die Psalms gesing word nie. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke maak egter gou duidelik dat dit nie maar net 'n klein probleempie was waaroor 'n paar verstokte mense stof opgeskop het nie. In die gesangekwessie het dit oor die eer van God en die regsinnige leer in die kerk gegaan. By die herstigting van die Gereformeerde Kerke het Artikel 69 van die Dordtse Kerkorde juis 'n belangrike rol gespeel oor dit wat in die huis van die Here gesing word. In die gees van Dordrecht lui die huidige redaksie: 'In die kerke moet die

150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat.' Nou word daarop 'n beroep gedoen dat die redaksie van hierdie artikel verander moet word om ook Skrifgetroue liedere in te sluit. Onder Skrifgetroue liedere word nie verstaan dat dit liedere is wat getrou aan die teks van die Skrif is nie, maar getrou aan die skopus (doel) en boodskap van die Skrif.

Beginsel

Die vertrekpunt oor die verandering van die artikel moet ons terugvind in die beginsel dat die kerk nooit klaar gereformeer het nie. 'n Gereformeerde kerk is 'n altyd reformerende kerk, ook wat die onderlinge afspraak betref. Daarom moet ons die vraag vra of dit noodsaaklik is dat hierdie artikel verander word om ook ruimte te maak vir sogenaamde Skrifgetroue liedere of, soos in die geval van die kerke uit Sinode Middellande, die Sionsliedere. Is dit waarlike reformasie volgens die Skrif om die onderlinge afspraak oor dit wat in die Gereformeerde Kerke gesing word te verander?

Wanneer ons oor hierdie vraag besin, is dit noodsaaklik dat ons die doel van hierdie artikel in die Kerkorde goed verstaan. Verskeie teoloë ag die lied wat in die kerk gesing word as deel van die middelmatige sake waarvoor kerkrade self kan besluit. Met die eerste oogopslag sien ons dat daar by hierdie artikel eintlik twee sake na vore kom. Enersyds is die eerste sin 'n bindende bepaling. In die kerke moet die 150 Psalms gesing word sowel as enkele ander lofsange, Tien Gebooie en die 12

Artikels. Andersyds word die sing van Skrifberymings aan die vryheid van die kerke oorgelaat. Daar word dus in hierdie artikel bepaal wat gesing móét word, maar ook wat gesing kán word. Die sing van Psalms in die Gereformeerde erediens is dus nie 'n middelmatige saak wat aan die vryheid van die kerke of die individu oorgelaat kan word nie. Psalmsang wat in die Kerkorde gereël word staan vas, geanker in die opdrag van die Here soos ons dit onder andere in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19 vind¹.

Terugblik

Die beginsel dat kerksang in die Woord geanker is, veral wanneer dit oor die sing van Psalms gaan, word duidelik in die kerkgeskiedenis gesien. In die vroeë kerke het die Psalms 'n integrale deel van die diens van die gemeente gevorm. Augustinus het van die punt uitgegaan dat die Psalms genoegsaam is om in die huis van die Here te sing. Slegs liedere wat van God ontvang is, is goed genoeg om vir Hom te sing. Hierdie beginsel is deur Augustinus in die Westerse kerk gevestig. Die verval in die Roomse Kerk het duidelik geword in die sang. In dié tyd het die gemeentesang plek gemaak vir die indrukwekkende koorsang en dreunsing van die priester by die misdiens. Die stem van die gemeente is letterlik stilgemaak en aan die priester oorgelaat.

Die Reformatore het die sang in die gemeente weer op dreef gekry, alhoewel daar onder die Reformatore ook verskil was oor hierdie punt. So sien ons byvoorbeeld dat daar by Zwingli

¹ Die doel van hierdie artikel is nie om die eksegetiese implikasies van die verse te ondersoek nie. Wat wel vermeld kan word, is dat die geestelike liedere waarvan hier gepraat word ook betrekking op die verskillende benaminge en gebruike van die Psalms kan hê.

geen sang in die gemeente toegelaat is nie. Luther het hom egter beywer vir die regmatige plek van gemeentesang. Vir die gemeentesang het hy ook vrye liedere toegelaat. Calvyn het die reformatie van die sang in die erediens tot by Augustinus teruggevoer, met die standpunt dat in die huis van God slegs die Woord van God gesing moet word. Hy beywer hom dus sterk vir die Skrifgebonde berymde Psalmsang. Prof Bouke Spoelstra skryf hieroor dat Calvyn in trane uitgebars het toe hy vir die eerste keer gemeentesang in 'n Protestantse Kerk gehoor het.

Soos die golf van die Reformatie gespoel het, was die Psalmsang kenmerk van die Gereformeerde gemeentes. Op verskeie sinodes is die saak van die kerklied behandel. Dit het aanleiding gegee tot die formulering van Artikel 69 van die Dordtse Kerkorde waarvan ons Kerkorde afgelei is. Calvyn het die Psalmberymings van Clemens Marot en Beza in die erediens ingevoer, alhoewel dit nie in al die gemeentes ingang gevind het nie. Eers in 1566 het die beryming van Petrus Datheen ingang in die kerke gevind. In sinodebesluite word die belang van hierdie beryming gereflekteer in die feit dat die kerke met mekaar ooreenkom om hierdie beryming van die Psalms en die enkele 'gezangen' (wat ons vandag as Skrifberymings ken) in die erediens te gebruik. Daar het deur die jare verskillende berymings van die Psalms, naas die van Datheen, ontstaan – soos die van Marnix in 1580. Die Sinode van Dordrecht 1618-19 het egter nie net een beryming voorgeskryf nie maar die beginsel van al die vorige sinodes, dat die 150 Psalms van Dawid en enkele ander berymings in die erediens gesing moet word.

Gemeenskap in diens

Deur die sinodes voor Dordrecht en op die Dordtse sinode self is die beginsel van kerksang in Artikel 69 van die KO vasgelê. Dit is duidelik dat dit in hierdie vergaderings nie maar net 'n middelmatige saak was wat hanteer is nie. Dit geld veral

ook die feit dat die Remonstrante juis vrye diens en vrye liedere in die erediens voorgestaan het. Die geroep na gesange het al voor die Sinode van Dordrecht 1618-19 duidelik geklink. Daar is tog op sinodes besluit dat die kerke nie die gesange na goeddunke moet uitbrei nie. Die sinode van Dordrecht 1578 het in hierdie verband besluit dat alleen die Psalms van Dawid gesing moet word; gesange wat nie in die Skrif voorkom nie, moet agterweë gelaat word. Hier is die beginsel dus vir die eerste maal duidelik gestel. Slegs die Psalms en teks wat in die Skrif voorkom, moet in die kerke gesing word.

In die onderlinge afspraak wat in die kerkorde gereël word, is die vertrekpunt dat dit wat in die kerke gesing word versterkend en dienend vir die eenheid van die kerk moet wees. Samesang in die erediens is 'n teken van die onderlinge gebondenheid van die gemeente aan mekaar, voor God. Artikel 69 vind ons in die gedeelte wat handel oor die leer, seremonies en samekomste van die kerke. Hier is die doel nie dat kerke gebind word aan 'n wet sodat almal dieselfde moet doen nie, maar dat die kerk van Christus een is in leer, diens en tug. In dié gedeelte val die klem op die diens. En deel van die diens van die gemeente is dan sekerlik wat in die gemeente gesing word. Dus is die bepaling, wat al van die sinode van Dordrecht geld, steeds vandag net so van toepassing wanneer ons oor die verandering, al dan nie, van Artikel 69 besin. Deur die geskiedenis is daar telkens gevra na die uitbreiding van die kerke se liedereskat deur die toevoeging van gesange of vrye liedere. In die gereformeerde tradisie is hierdie aandrang verskeie kere om verskillende redes afgewys. Een rede wat aan die begin van die vorige eeu op verskeie sinodes in Nederland gegee is, is dat die invoer van vrye liedere die eenheid van die kerk in gedrang bring. So sal die kerke in gesangsingende en nie-gesangsingende kerke verdeel. Dit sal nie goed wees vir die welwese van die kerke nie².

Ruggraat of visgraat?

In die lig van hierdie geskiedenis moet die vraag oor die doel van Artikel 69 van die KO gestel word. Vir sommige broeders en susters is hierdie artikel 'n visgraat wat dwars in die keel gaan vassteek. Die visgraat steek nog dieper vas wanneer die eenheid tussen die ou swart kerke en die ou wit kerke na vore kom, want by eersgenoemde is die Sionsliedere goed gevestig. Die vraag is of dit nodig is dat ons hierdie artikel so moet sien. Skrifgegewens en die geskiedenis van die kerk dui daarop dat die Psalms deel is van die diens en inderdaad in die kerke gesing moet word. Kan daar werklik eenheid in die nuwe algemene sinode wees as daar 'n verdeeldheid is oor dit wat gesing moet word? Dit is met hierdie vraag in die hart wat ons weer die bedoeling van die ware diens aan God moet raaksien. Dat ons Hom sal dien soos Hy volgens Sondag 35 HK van ons eis. Daarom dien Artikel 69 van die KO nie as 'n aanstoot nie, maar as die ruggraat van ons diens aan Hom. Met hierdie artikel, soos dit tans geformuleer is, kan ons steeds die weg van ons Gereformeerde erfenis bewandel, want ons het die riglyn wat in die Woord geanker is.

Met hierdie riglyn kan die kerke uit die ou sinode Middellande gelei word op hulle weg van Reformatie; hier sien ons juis die wonderlike eenheid wat ons aan mekaar bind. Gebind aan Skrif, Belydenis en Kerkorde kan die kerke saam die Here dien soos Hy wil. Saam gebind aan die Skrif kan die kerke die aanslag van die bose bestry wat ook deur die kerklied in die gemeente ingedra kan word. Laat ons die les van die geskiedenis saam leer: in tye van geestelike verval word dikwels vir die verandering van die kerklied gevra³.

Ds C Jooste is predikant van die Gereformeerde Kerk Innesdal, Pretoria

² Sien J Jansen. 1923. *Korte verklaring van de Kerkenordening*. Kampen.

³ Van der Linde, GPL. 1983. *Die Kerkorde. 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde*. Pretoria

Sondagsheiliging

Etiese vraagstukke rondom die vierde gebod

Referaat gelewer tydens die byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel, gehou op 23 Augustus 2008.

Miskien het dit al gebeur dat u op 'n Sondagoggend, saam met u gesin, op pad kerk toe is. Sodra u die hoofweg betree, kom daar 'n beswaardheid oor u siel. Daar is 'n gejaag in alle rigtings: motorfietsryers wat die pad as 'n renbaan gebruik, 4x4's met bote, motorfietse, 'quad bikes' en wat ook al agter op sleepwaens; almal op pad êrens heen, maar beslis nie kerk toe nie. Later, op pad huis toe, wend die pad by 'n winkelsentrum verby en jy merk op dat die parkeerterrein vol is. Inkopies word gedoen en die restaurante sit stampvol. Jy wonder by jouself hoeveel kerkgangers aan hierdie aktiwiteite deelneem. Dit is 'n uitgemaakte saak dat die wêreld die Sondag verontagsaam, maar eintlik is die grootste kommer die Sondagsbeskouing onder belydende christene. Stadig maar seker, op toenemende wyse, kruip daar 'n wêreldse beskouing oor die Sondag by die kerk in, wat besig is om die kerk se getuieis te benadeel en te besoedel. Die begrip van Sabbatsheiliging is vreemd onder vele belydende christene. Toenemende sekularisasie binne en buite die kerk veroorsaak die geleidelike toesmoring van die uitstaande dinge wat ons, as kinders van God, behoort uit te ken.

Hierdie houding teenoor die Sabbat weerspieël ook 'n breër wetteloosheid waarin ons land en wêreld progressief verval. Dit was Paulus se waarneming: '... en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie' (Romeine 3:17, 18). Die wetteloosheid van ons samelewing is maar diagnosties van 'n diepergeleë siekte, naamlik 'n totale

gebrek aan kennis van God. Kennis van wie Hy is, van sy oordeel, van die noodsaaklikheid van versoening tussen mens en God, van wat dit beteken om een dag in die week opsy te sit, uitsluitlik om Hom te aanbid. Ongelukkig sien 'n mens toenemend dieselfde verskynsel in groot dele van die kerk. Christene het nie meer 'n benul van die onmeetbare waarde van hierdie goddelike voorsiening nie. Is dit nie tyd dat die kerk van Jesus Christus met alle erns teruggedroep word na hierdie ryk christelike erfenis nie? Matthew Henry, een van die Puriteine na wie ek hier en daar gaan verwys, sê: 'If you have any regard to the sweet and blessed name of Jesus ... have a conscientious regard to that day that bears his name.'¹ Ware godsdiens, sê hy, word beoordeel volgens hoe 'n mens die Sondag beskou. Sodra ware godsdiens begin kwyn, is daar toenemend minagting van die Sabbat. Sodra ware godsdiens begin wortel vat, vergader die mense vir aanbidding in die tempel van die Here, en nie by tempel Loftus, of tempel Mercedes, of tempel Rand en sent nie.

Sondagsheiliging is baie na aan my hart. Weens die breedvoerigheid van die onderwerp, kan ons net 'n paar dinge aanraak. Ek hoop dat die paar dinge wat aangeraak word u sal stimuleer om verder oor die onderwerp te gaan oplees en u positiewe oortuigings oor die Sabbatdag sal versterk sodat u te alle tye in staat sal wees om hieroor verantwoording te doen. Waar nodig, mag bekering van foutiewe denke, houdings en praktyke ook plaasvind.

Aan die begin wil ek graag

beklemtoon dat die term Sondag, Sabbat/Sabbatsdag en die 'dag van die Here' wisselend gebruik word; veral die term Sabbat en Sabbatsdag verwys na die gebruik daarvan in die kerk van die Nuwe Testament en glad nie in die Ou-Testamentiese, Joodse sin nie.

Ek wil graag vyf gedagtes met u deel oor die kwessie van Sondagsheiliging.

Oorweeg die Here se bedoeling met die Sabbat

Die hoofdoel word saamgevat in Jesaja 58:13, 14. In Jesaja 58 ontbloom die profeet dooie formalisme in die verbondsvolk van ouds. Hy berispe hulle omdat hulle soos gewoonlik met hul eredienste aangaan, terwyl hulle nog aan die sonde vasklou. As teenmiddel teen hierdie dooie formalisme plaas Jesaja twee uitmuntende seëninge voor die mense, geheg aan getroue verering van die Sabbatdag.

Ten eerste: Getroue Sondagsheiliging *lei tot verdieping in ons verhouding met die Here*. 'As jy jou voet terughou van die sabbat ... dan sal jy jou verlustig in die Here, ...'. Die woord 'verlustig' beteken om volmaakte genot in Hom alleen te geniet. Die diepste genot in die gelowige se geestelike wandel is om intieme gemeenskap met die Almagtige te geniet. Dit is mos die hoofdoel van die mens? Vraag 1 van die *Westminster Shorter Catechism* stel die vraag: 'What is the chief end of man?' Die tydlose antwoord hierop is: 'To glorify God and enjoy Him forever.'² As ek my verlustig in Hom, openbaar Hy sy liefde en genade aan my. Dit vind alles in die konteks van pliggetroue Sondagsheiliging

¹ Matthew Henry. 'A Serious Address to Those that Profane the Lord's Day' in *The Complete Works of the Rev. Matthew Henry*. London: Fullarton. Vol 1, p 25.

² John Piper stel dit so: 'God is most glorified in us when we are most satisfied in Him.' *Brothers we are not Professionals*. Fearn-Ross-Shire: Christian Focus Publications. 2004. p 45 en volgende.

plaas. Ons moet onself dus afvra: 'Is die Sondag vir my 'n dag waarin ek myself verlustig in Hom of is dit maar net nog 'n dag, 'n besloommernis, 'n plig?'

Ten tweede: Getroue Sabbatsheiliging *lei tot oorwinning*. 'Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde ...'. Sabbatsheiliging is 'n genademiddel wat die gelowige aanhelp in die oorwinningslewe – oor die sonde, oor neerslagtigheid, oor wêreldsheid, oor die duiwel, oor ontmoediging. Is ons kerke oorwinningskerke? Is jou lewe een van geestelike oorwinning, of loop u gebukkend? Die vraag bly eenvoudig: 'Hoe gebruik ons dan hierdie genademiddel wat die Here aan ons gee?'

Die Sabbat as verbondsteken

Ons moet altyd die feit voor oë hou dat die Sabbat in Israel ingestel is om hulle uit te ken as die volk van Jaweh, *die enigste en ware God*. Die Here sê deur Moses: 'Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle en julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig' (Eksodus 31:13). Sabbatsheiliging word in die lig van die verbond geplaas – dit is 'n verbondsteken tussen die Here en sy volk. As gereformeerde christene behoort ons te glo in die kontinuïteit van die Ou en Nuwe Verbond. *Die twee vorm saam een genadeverbond*. Sondagsheiliging behoort een van die uitstaande kenmerke van die verbondsvolk van God te wees.

Hoekom een dag in sewe?

Om die antwoord op hierdie vraag te kry moet ons teruggaan na Genesis 2:1-3. Hier word die Here se doel met die Sabbat vir die ganse mensdom duidelik uitgespel.

Die vraag ontstaan dikwels of die Sabbatdag net op Israel van toepassing is of ewige toepassing het. Anders gestel: Is dit morele of seremonieel van aard? Indien dit deel van die morele wet is, dan het dit ewige toepassing op alle mense in alle tye. Indien dit slegs seremonieel van aard is, dan is dit

tydelik van aard, met toepassing op Israel alleenlik. In Genesis 2:2-3 sien ons dat God die Sabbatdag instel as 'n *skeppingsordinansie*, alvorens die wet by Sinai neergelê is. Ander skeppingsordinansies sluit in: vrugbaarheid (Genesis 1:28), arbeid (Genesis 1:28, 2:15) en die huwelik (Genesis 2:24).³ Omdat dit 'n skeppingsordinansie is, is dit deel van die morele wet met toepassing op alle mense in alle tye.

U mag nou vra: 'Wat presies is die morele wet en hoekom is dit dan bindend vir alle mense in alle tye?' Die morele wet word in die Tien Gebooie opgesom. Toe God die mens geskape het, het Hy die morele wet op die harte van alle mense ingebou. Hierdie wet is 'n weerspieëling van die morele substans en karakter van God en wat ons, as sy beeld, in ons verhouding met Hom en met ander moet reflekteer. Die sondeval het veroorsaak dat hierdie wet van die natuur erg vermink en verdraai geraak het, maar tog nie uitgewis is nie. Die feit dat die sondeval die wet van die natuur mismaak het verander glad nie ons verpligting om die wet in al sy aspekte te vervul nie. Daarom is moord, diefstal, bloedskande, en so meer vir die hele mensdom, ongeag van wie of waar jy is, verkeerd. So ook die heiliging van die Sabbat – dit is bindend vir alle mense, of hulle dit nakom of nie.

Hoe is die eerste Sabbat ingestel? Die beginsel van die Sabbat is daargestel toe die Here op die sewende dag gerus het van al sy werk wat Hy geskape het (Genesis 2:2). Hoekom het die Here 'gerus'?

• Deur te rus het God verklaar dat sy skeppingswerk voltooi was (Genesis 2:1). Ons moet opmerk dat hierdie rus nie 'n staking van alle werk was nie. Deur sy Voorsienigheid onderhou Hy sy skepping, soos Jesus Christus dit duidelik stel in Johannes 5:17. Verder is die Here gedurig met sy verlossingswerk besig. Tot die einde sal Hy besig wees met die versameling van sy uitverkore kinders.

• Volgens Eksodus 31:17 het God op die sewende dag gerus, 'en Hom verkwik'. Dit beteken nie dat Hy moeg was nie, want Hy word 'nie moeg of mat nie' (Jesaja 40:28). Hy het Hom verkwik of verfris (*refresh*) in sy aanskouing van die prag van sy skepping.

• Deur op die sewende dag te rus, gee God vir ons 'n prentjie van die hemelse rus wat voorlê. Dit is 'n tipe van die ewige rus. Dit is interessant om op te merk dat die einde van die sewende dag nie soos die ander dae aangeteken is nie ('en dit was aand en dit was môre'). Die dag bly as 't ware oop, as 'n beeld van ons ewige rus. Hierdie ewige rus ontvang ons deur die geloof in die Here Jesus. Hy bied ons die ewige lewe.⁴

Geskiedkundige Oorwegings⁵

Die Engelse Puriteine was verantwoordelik vir die daarstelling van die christelike Sondag, soos ons dit ken (of geken het!). Vir hulle het die Sondag as 'The Market Day of the Soul' bekend gestaan.⁶ Twee artikels in die *Westminster Geloofsbelijdenis* word spesifiek hieraan gewy.⁷ Hulle het geveg vir die instelling van die eerste dag van die week as een waarop alle besigheid, georganiseerde vermaak en sportbyeenkomste gestaak word en geheel opsy gesit word vir aanbidding, gemeenskap van gelowiges en 'goeie werke'.⁸ Oor die algemeen

⁴ Joseph A. Pipa. *The Lord's Day*. Fearn, Ross-shire: Christian Focus Publications. 1997. p 31.

⁵ James T. Dennison. *The Market Day of the Soul: The Puritan Doctrine of the Sabbath in England 1532-1700*. Morgan, PA: Soli Deo Gloria Publications. 2001.

⁶ In Engeland was daar 'n weeklikse 'markdag', waarop mense hulle groente en ander kruidenersware kon koop. Die Sondag, daarenteen, was die dag waarop mense kerk toe gegaan het vir geestelike voeding.

⁷ Sien *Westminster Confession of Faith XXI* vii, viii. 'This Sabbath is then kept holy unto the Lord, when men, after a due preparing of their hearts, and ordering of their common affairs beforehand, do not only observe an holy rest, all the day, from their own works, words, and thoughts about their worldly employments and recreations,* but also are taken up, the whole time, in the public and private exercises of his worship, and in the duties of necessity and mercy.** WCF, XXI, viii.

* Exod. 16:23, 25-26, 29-30; 20:8; 31:15-17; Isa. 58:13-14; Neh. 13:15-22

** Isa. 58:13-14; Lk. 4:16; Mt. 12:1-13; Mk. 3:1-5

⁸ JI Packer. *Among God's Giants: The Puritan Vision of the Christian Life*. Eastbourne: Kingsway Publications. 1991. p 309-324.

³ John Murray. *Principles of Conduct: Creation Ordinances*. Grand Rapids: Eerdmans. 1964. p 27-106.

het kontinentale Protestante nooit hierdie ideaal volwaardig aanvaar nie. 'n Belangrike uitsondering was natuurlik die leraars en predikante van die *Nadere Reformatie*, onder andere Jodocus van Lodenstein, Smytegelt, Herman Witsius, Willem Teellinck, Gisbertus Voetius en Wilhelmus á Brakel.⁹ Dit is glad nie verbasend nie, want die *Nadere Reformatie* was sterk deur die Engelse Puriteine en Skotse 'Covenanters' beïnvloed. Dit was veral die Engelsman William Ames wat 'n groot invloed op die Hollandse Puriteine gehad het.¹⁰

Teen die einde van die sestiende eeu was dit die gewoonte van die Engelsman om ná kerk die res van die Sondag in praktyke deur te bring wat Richard Baxter as volg beskryf: 'stage plays ... may-games, church ales ... piping, dancing, dicing, carding, bowling, tennis-playing ... cock-fighting, hawking, hunting and such like.' In vergelyking met wat vandag aangaan, het dinge nie veel verander nie. Om sake erger te maak het Koning James I sy 'Declaration of Sports' in 1618 (herpubliseer in 1633) neergelê, waarin alle aktiwiteite op die Sabbat toegelaat word behalwe bul- en beergevegte. Dit was eintlik net herbeklemtoning van die Staat- en Kerkwet wat in plek was sedert die vroeë dae van die Reformasie. Die opdrag is aan alle predikante gegee om die deklarasie van die kansel af te verkondig. Heelwat het egter geweier en gevolglik hul ampte verloor. Ander het merkwaardige veranderinge beleef in die dorpe waar hulle bedien het.

In Kidderminster, waar Richard Baxter 'n invloedryke bediening beoefen het, word die Sondag as volg beskryf: 'we could not on the Lord's Day read a chapter, or

pray or sing a Psalm but with the noise of the pipe and tabor and the shoutings in the street continually in our ears; ... and we were the scorn of all the common rabble in the streets and called Puritans, Precisionists, Hypocrites, but we rather chose to read the Scriptures than do as they did.'¹¹ In 'n dorp wat voorheen gekenmerk was deur goddeloosheid, dronkenskap en bakleiery kon hy, na etlike jare se pligsgetroue bediening, oor dieselfde Kidderminster skryf: 'on the Lord's Days there was no disorder in our streets; but you might hear a hundred families singing Psalms and repeating Sermons as you passed by on the Streets.'¹²

Soortgelyke reformasie het in vele ander plekke plaasgevind waar Puriteine hul bediening beoefen het.

Sondagsheiliging

Teen hierdie geskiedkundige agtergrond kyk ons nou na Sondagsheiliging uit 'n Puriteinse oogpunt.¹³ Dit is noodsaaklik dat die kerk soms ook terugkyk na hoe dinge in vorige dae en eeue gedoen is en nie net vorentoe kyk vir die nuutste ontwikkelings nie. Die goeie huisheer, sê Jesus, is die een 'wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring'.

Hoe het hulle die vierde gebod geïnterpreteer?

In hul interpretasie en begrip van Eksodus 20:8-11 het die Puriteine die Hervormers ietwat vooruitgegaan. Laasgenoemde se verstandhouding van die vierde gebod was in lyn met Augustinus en die Middeleeuse eksegeese, wat gestel het dat die Sabbat 'n tipologiese Joodse seremonie was wat vorentoe gewys het na die 'rus' wat 'n geloofsverhouding met Christus tot gevolg het.¹⁴

Calvyn het dit ook so gesien.¹⁵ Sy Sondagsbeskouing kan op 'n drievoudige manier saamgevat word.¹⁶ Bo en behalwe sy tipologiese beduidenis gee Calvyn toe dat die vierde gebod ook vereis dat private en openbare aanbidding van God op die Sondag moet geskied, sowel as 'n dag van rus vir bediendes en werknemers voorskryf. Hy grond hierdie vereistes egter in die noodsaaklikheid vir *orde in die kerk* en 'nie in die vierde gebod nie'.¹⁷ *Volgens hom is dit die somtotaal van wat die gebod vereis en dat hy buite voorgeskrewe aanbiddingstye niks in die gebod vind wat werk of spel op die Sabbat verbied nie.*

Hierdie siening van Calvyn word ook, volgens sommiges, weerspieël in die *Heidelbergse Kategismus* wat hulle as ietwat 'losser' met betrekking tot Sondagsheiliging beskou as ander belydenisskrifte soos die *Westminster Belydenis*.¹⁸

in Jesus Christus; byvoorbeeld Melgisedek en Dawid was altwee 'tipes' van Jesus Christus; al die bloedoffers van die Ou Testament vind vervulling in die eenmalige offer van Christus (Hebreeërs 7:27; 9:26,27).

15 Johannes Calvyn se siening oor die vierde gebod word gevind in die *Institutes of the Christian Religion*, ed. John T. McNeill, trans. Ford Lewis Battles. Philadelphia: Westminster Press. 1960. 2.8.28-34.

16 Calvyn se drievoudige siening oor die Sabbat word as volg opgesom:

i) Die Sabbatsrus van die Ou Testament word vervul in die *geestelike rus* wat geloof in Christus tot stand bring en wat vorentoe wys na die ewige *hemelse rus*. Met die koms van Christus het die tipe verval en sou dit verkeerd wees om kontinuiteit van die Sabbat voort te sit. Hy baseer sy interpretasie op Kolossense 2:16.

ii) Calvyn laat wel toe dat die vierde gebod die beginsel neerlê dat een dag in sewe opsy gesit moet word vir *openbare en private aanbidding*.

iii) Die Sabbat dien as 'n dag van rus vir werknemers, bediendes en diere. Daar is niks in die gebod, in die christelike sin, wat werk of spel verbied nie.

17 Dennison, *Market Day of the Soul*, p. 6.

18 Daar is ook sommiges wat die *Heidelbergse Kategismus*, op grond van vraag en antwoord 103, met betrekking tot Sondagsheiliging ietwat 'losser' beskou as die *Westminster Belydenis*. Hoewel die Vierde Gebod openbare aanbidding vereis, wys die toepassing daarvan tipologies na ons genaderus in Christus. Bowendien, Ursinus, een van die opstellers van die *Kategismus*, stel in sy kommentaar oor die *Heidelbergse Kategismus*, dat die vierde gebod uit twee dele bestaan: 'die een moreel en van ewige duur, in dié dat die Sabbat geheilig word; die ander seremonieel en tydelik, in dié dat die sewende dag geheilig word' (Zacharias Ursinus, *The Commentary of Dr Zacharias Ursinus on the Heidelberg Catechism*. Philipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing, p. 557). Dit was wesenlik ook die siening van die Hollandse lede van die Dordtse Sinode, in 'n resoluë wat opgestel is om die Sabbatskontroversie in Holland op te los:

i. In die vierde gebod word beide die seremoniële en die morele ingesluit.

ii. Die seremoniële aspek was die rus van die sewende dag en nie die rigiede waarneming van die Joodse Sabbat nie.

9 Á Brakel verdedig die vierde gebod op 'n kragtige wyse. Oor die kwessie of die vierde gebod seremonieel of moreel is, sê hy: 'this commandment is of the same moral nature as the other nine and does not typify Christ in the least.' Wilhelmus á Brakel, trans. Bartel Elshout, ed. Joel R. Beeke. *The Christian's Reasonable Service*. Grand Rapids: Reformation Heritage Books. 1992. p. 150.

10 JR Beeke. 'The Essence of the Dutch Second Reformation' in Wilhelmus á Brakel, trans. Bartel Elshout, ed. Joel R. Beeke. *The Christian's Reasonable Service*. Grand Rapids: Reformation Heritage Books. 1992. p. lxxxv - cvi.

11 Richard Baxter. *Works III*, 906. George Virtue: London. Quoted in JI Packer: *Among God's Giants*. p. 312.

12 *Reliquiae Baxterianae*. ed. M. Sylvester. London. 1696. p. 84.

13 Die basiese beginsels soos hier uiteengesit kom uit JI Packer se hoofstuk 'The Puritans and the Lord's Day' in sy uitstekende boek, *Among God's Giants: The Puritan Vision of the Christian Life*, hierbo aangehaal.

14 'n Tipe word hier gedefinieer as mense, praktyke en simbole wat vorentoe wys en vervulling vind

Die verstommende ding is dat die Hervormers in praktyk die morele gesag van die vierde gebod hooggehou het, deurdat hulle een dag in sewe gebruik het in die aanbidding en diens van God en dat slegs dienste van barmhartigheid en noodsaaklikheid op die Sondag verrig is. Hoe hulle hierdie blatante teenstrydigheid tussen praktyk en eksegeese van die Skrif nie raakgesien het nie bly egter 'n raaisel. Een moontlikheid natuurlik is dat hulle onwillig was om te erken dat Augustinus miskien verkeerd was in sy interpretasie en hulle sodoende verblind het ten opsigte van die feit dat hulle eintlik besig was om twee perde op te saal.

In die voorsienigheid van God het die Puriteine van die 16e en 17e eeue hierdie ongerymdheid reggestel. Hulle het toegegee dat die Hervormers reg was om sekere seremoniële aspekte van die Joodse Sabbat raak te sien wat slegs van tydelike toepassing was, maar het die beginsel van een rusdag in sewe vir die erediens van God, in die skeppingswet gegrond. Hulle het dit gevolglik as bindend op die mens beskou solank as wat hy in die wêreld bly voortbestaan. Hulle het die dag van die Here as integrale deel van die eerste tafel van die wet beskou, wat sistematies handel oor korrekte aanbidding van God: die eerste gebod handel oor die voorwerp, die tweede oor die middele, die derde oor die manier en die vierde oor die tyd van aanbidding. Verder, aan die begin van die vierde gebod staan daar 'onthou', wat terugkyk na 'n pre-mosaiëse instelling.

iii. Die morele aspek is dat een spesifieke dag opsy gesit word vir die doel van aanbidding van God; derhalwe is hierdie rus nodig om tyd vir aanbidding van Hom en meditering oor Hom beskikbaar te maak.

iv. Aangesien met die Joodse Sabbat weggedoen is, moet die Here se dag geheilig word.

v. Vanaf apostoliese tye was hierdie dag deurgaans waargeneem deur die outydse Katolieke Kerk.

vi. Die dag moet op so 'n manier geheilig word dat aanbidding van God geskied en dat geen diensarbeid verrig word behalwe dié wat ontstaan as gevolg van teenwoordige behoefte nie. Patrick Fairbairn. *The Typology of Scripture*, in 2 vols. Grand Rapids: Kregel Publications. 1989. p 448.

Gomarus en later Cocceius het altwee beweer dat die vierde gebod alleenlik seremonieel van aard was. Dit het groot skade veroorsaak, niteenstaande die feit dat Voetius en ander dié standpunt effektief weerlê het.

Hulle gevolgtrekking was dat Genesis 2:1-3 God se eie rusdag verteenwoordig waarop Hy gerus het na sy skeppingswerk en dat die vierde gebod in Eksodus 20:11 hierop terugkyk. Matthew Henry wys in sy Bybelkommentaar vir ons dat hoewel Christus die Sabbatwet herinterpreteer het, het Hy dit nie getermineer nie maar gevestig, en ook Self die Sabbatdag geheilig (sien Matteus 24:20).¹⁹ Dit wys vir ons dat die christelike Sabbat ook bindend is op al die dissipels van Christus.

Volgens die Puriteine is die sewende dag 'n rusdag wat meer as net 'n tipiese Joodse instelling is; dit is 'n *skeppingsherdenking* waarop die gelowige betuig dat hy die God aanbid wat hemel en aarde geskape het.

Die aard van die vierde gebod

Matthew Henry skryf in sy kommentaar oor Markus 2:27: 'The Sabbath is a sacred and divine institution, but we must receive and embrace it as a privilege and benefit, not as a task and a drudgery.'²⁰ Opsommingsgewys, kan die volgende beklemtoon word oor hoe die Puriteine die dag benader het:

- Sondagsheiliging beteken aksie, nie onaktiwiteit nie. Ons heilig beslis nie die Sabbat deur rond te sit en niks te doen nie. 'Idleness is a sinne every day, but much more on the Lord's Day.'²¹ Ons staak alle besigheid wat te doen het met ons daaglikse roeping om ons hemelse roeping voort te sit.

- Sondagsheiliging is *nie 'n moeitevolle beslommernis nie* maar 'n *vreugdevolle voorreg*. Die Sondag is nie 'n vasdag nie,

19 'Pray that ... your flight be not ... on the Sabbath day ...'. 'This intimates Christ's design, that a weekly sabbath should be observed in his church after the preaching of the gospel to all the world. We read not of any (ceremonial) ordinances of the Jewish church that Christ expressed any care about, because they were all to vanish; but for the sabbath he often showed a concern.' Matthew Henry. *Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible* Vol. V. New York: Fleming H. Revell Company. p 355.

20 Ibid., p 463.

21 John Dod & Robert Cleaver. *A Plain and Simple Exposition of the Ten Commandments*. London. 1628. p 143. Aangehaal in Packer, *Among God's Giants*, p 317.

maar 'n feesdag; 'n dag om ons in die goedheid en dade van die Here te verbly. Blydschap behoort die grondtoon van openbare aanbidding te wees. As dit ontbreek wys dit dat iets nie pluis is nie. 'It is the duty and glory of every Christian to rejoice in the Lord every day, but especially on the Lord's Day ... to fast on the Lord's Day, saith Ignatius, is to kill Christ; but to rejoice in the Lord this day, and to rejoice in the duties of this day ... this is to crown Christ, this is to lift up Christ.'²²

- Sondagsheiliging is nie iets wat *ons moet doen nie* maar is 'n genademiddel. Volgens Edwards, het God aan ons die Sabbatdag gegee met die opdrag om soekend na Hom toe te kom vir sy seën en genade. Dit is veral dié dag waarop Hy Hom verbly om sy genade op sy kerk uit te stort.

- Sabbatsontheiliging bring kastyding. Die Puriteine het sterk geglo dat misbruik van die genademiddele die oordeel van God meebring. Die goeie gawes van die Here mag nie geminag word nie. Puriteine soos Thomas Fuller en Thomas Brooks, byvoorbeeld, het katastrofes soos die Engelse Burgeroorlog en die vuur wat Londen vernietig het, beskou as God se oordeel op wydverspreide Sabbatsontheiliging.²³

Praktiese beginsels met betrekking tot Sondagsheiliging

Die Puriteine het noukeurig hulle godsdiens prakties toegepas, met daarby deeglikheid wat deur sommiges as oormatig beskou was. Om hierdie rede was hulle spottend 'Puriteine' of 'Presisioniste' genoem.²⁴ Hulle het noukeurig aandag gegee aan die praktiese sy van Sondagsheiliging. Ons kyk veral na vier beginsels:

22 Thomas Brooks, *Works*, VI. James Nicholl: Edinburgh. 1867. p 299.

23 Packer. p 318.

24 Die onbekeerde en goddelose wêreld sal altyd allerhande bespotlike name uitdink vir gelowiges wat in radikale gehoorsaamheid aan die Here optree. Deesdae word die persoon wat erns maak met die Woord van God bestempel as 'n fundamentalis of farisieër.

- *Vorbereiding vir die Sabbat*
Die eerste ding wat die Puriteine ons vertel is dat ons die uiterste belang van die dag van die Here moet insien en waardeer. Met die regte gebruik daarvan betree ons die 'voorstede van die hemel' in verenigde sang en aanbidding. Nooit moet ons toelaat dat ons Sondae neerdaal tot die status van eentonige formaliteit nie. Elke Sondag is 'n spesiale dag en ons moet elkeen met opwinding en gretige verwagting inwag. Ons moet daarom ons week so beplan om maksimale nut uit ons Sondae te put.

Die belangrikste voorbereidingswerk wat op Saterdagagaand moet plaasvind is *die voorbereiding van die hart*. Sondae behoort die dag te wees waarop die Woord van God 'n uitwerking op ons harte het. Die grond van ons harte moet vrugbaar wees en voorberei word vir gesonde ontvangs van die saad van die Woord. Die stryd rondom die Sondag vind derhalwe op die voorafgaande Saterdagagaand plaas. Om hierdie rede is dit baie belangrik om op Saterdagagaand stil te word voor die Here en ons harte te ledig en te reinig van al die wêreldse besoedeling wat gedurende die week moontlik plaasgevind het. Biddend vra ons ook vir die Here om ons harte voor te berei om ontvanklik vir sy Woord te wees. As ons sodoende ons harte op Saterdagagaand by die Here laat, kry ons dit weer by Hom terug op Sondagoggend.²⁵ Dit is ook noodsaaklik om vroeg te gaan slaap om sodoende gedurende die erediens helder te wees. Richard Baxter, een van die mees praktiese Puriteine sê: *'Go seasonably to bed, that you may not be sleepy on the Lord's Day.'* Hoeveel kerkbywoners, veral van die jeug, baljaar tot wie weet hoe laat op 'n Saterdagagaand en sit dan Sondagoggend vas aan die slaap in die kerk, of doen anders nie eers moeite om kerk toe te kom nie.

25 George Swinnoek. *Works* I. p 230.

- *Openbare aanbidding behoort van eerste belang te wees op die dag van die Here*. Die hele dag wentel om die twee eredienste van die dag. Richard Greenham stel dit so: *'the public exercises are twice at the least to be used every Sabbath.'*²⁶ Hoe lyk dinge vandag? Talle kerke se bywoning op 'n Sondagagaand is betreurenswaardig. Sommige kerke hou maar mettertyd eenvoudig op om Sondagagaand dienste te hou.
- *Die familie moet op die Sabbat as eenheid funksioneer*. Die Puriteine het die absolute belang van gesamentlike aanbidding deur die hele huishouding (familie en bediendes) ten sterkste beklemtoon. Die een onomstootlike verantwoordelikheid van die hoof van die huis was om te sorg dat familie en bediendes beide kerkdienste bywoon; hy moes twee maal per dag kinders en bediendes katekiseer, ondervraging voer oor die preke en leiding neem in familiegebede.²⁷ Daar was geen sprake van skeiding van ouers en kinders tydens die eredienste nie. Ook het die Puriteinse predikante nie gepoog om die mans deur middel van die vroue en kinders te bereik nie. Hulle het, intendeel, met dodelike erns die Godgegewe verantwoordelikheid van mans teenoor hulle huisgesinne beklemtoon.
- *Vermyn die valstrikke van wettisime en skynheiligheid in verband met die Sabbatdag*. Soos wat dit die geval is in alle ander geestelike sake, dreig dié twee gevare ook om die waarde van Sondagsheiliging te verdraai en te ondermyn. Die Puriteinse predikante, wyse leermeesters soos wat hulle was, het uit hulle pad gegaan om teen beide hierdie uiterstes

26 Richard Greenham. *Works*. p 208.

27 Vraag 118 van die *Westminster Groter Kategismus* beklemtoon hierdie werklikheid in geen onsekere terme nie. *'The charge of keeping the Sabbath is more specially directed to governors of families, and other superiors, because they are bound to not only keep it themselves, but see to it that it be observed by all who were under their charge.'*

te waarsku. Hulle het duidelik verstaan dat *wettisime* (die negatiewe denkpatroon wat alleenlik daardie dinge wat 'n mens nie op die dag van die Here behoort te doen nie, oorbeklemtoon) en *skynheiligheid* (daardie selfregverdigende gemoedstoestand wat sensuur uitspreek oor werklike óf denkbeeldige oortredings rondom die Sabbat) altwee 'n verkragting is van die gees van die ware Evangelie. Richard Baxter het beide hierdie verskynsels op 'n opbouende en oordeelkundige wyse aangespreek: *'I will first look at a man's positive duties on the Lord's Day, how he heareth and readeth and prayeth, and spendeth his time, and how he instructeth and helpeth his family; and if he be diligent in seeking God and ply his heavenly business, I shall be very backward to judge him for a word or action about worldly things that falls in on the by.'*²⁸ Kyk eerder na die dinge wat reeds daar is, eerder as na die dinge wat ontbreek. Pastorale wysheid, inderdaad.

Gevolgtrekking

Die Puriteinse beginsels, soos hierbo uiteengesit, is vanselfsprekend en verdere kommentaar sal oortollig wees. Hierdie beginsels weerspieël eenvoudig die siening van ons Nederlandse Gereformeerde voorvaders. Hulle het goed die loutere seën, wat getroue Sabbatsheiliging ingehou het, verstaan.

Is dit nie tyd dat die kerk van ons dag hierdie ryke erfenis herwin nie? Dit is waar ons werk, as predikers van die Woord, inkom. Hoe doen ons dit?

Aan die een kant is daar die dooie formalisme wat bloot uit uitwendige godsdiens bestaan – die hart bly onaangeraak deur die verlossing van die Evangelie.²⁹

28 Richard Baxter. *Works*, III. p 908.

29 JC Ryle, Anglikaanse biskop van die 19e eeu, beskryf dit as volg: *'When a man is a Christian in name only, and not in his inward things - in profession and not in practice - when his*

Aan die ander kant is daar die antinomiaanse³⁰ neiging, waar die Here se dag soos enige ander dag beskou word en omtrent alles toelaatbaar is. Beide gevare moet aangespreek word.

Die manier hoe ons dit aanspreek is baie belangrik. Die harte van ons mense moet herwin word tot so 'n mate dat hulle hul verlustig in die dag, soos wat God se oorspronklike bedoeling was. Die versoeking en gevaar bly altyd om 'n wettiese houding in te neem en reëls en regulasies neer te lê. Joy Davidman, vrou van wyle CS Lewis, sê: 'Question a dozen or so infidels about their childhood and more than half of them will trace their atheism back to dull, bleak Sundays in negatively "Christian" household which made a child's life hardly worth living.'³¹ Dit is so maklik om weer te verval in

Christianity, in short is a mere matter of form, or fashion, or custom, without any influence on his heart - in such a case the man has what I call a 'formal religion'. He possesses the form ... but he does not possess its substance'.

30 Antinomiaans is weerstand teen die wet, omdat die wet as verval beskou word.

31 Joy Davidman. *Smoke on the Mountain: An Interpretation of the Ten Commandments*. Philadelphia: Westminster Press. 1953. p 53.

daardie denkpatroon wat fokus op wat 'n mens nie mag doen nie eerder as op die onmeetbare waarde en geestelike seën wat verering van die dag meebring. Dit was God se oorspronklike bedoeling. Dit is ook hoe Israel in die vroeë jare die dag gevier het. Met verloop van tyd is 'n dag van vreugde en blydschap egter vervang met 'n dag van verbod.³² Te dikwels kom dit ook in die kerk voor, met die gevolg dat mense by die kerk uitgedryf word. Ons sien dit vandag. Lewe sonder beperkings; elkeen doen wat reg is in sy eie oë.

Hoe gaan ons dan die dag herwin? Deur stelselmatige en getroue blootlegging van die inhoud van die Woord. Wat sê God, die Skepper van die dag, hieroor? Hartsverandering kom alleenlik deur die werking van die Heilige Gees, wat die Woord neem en op kragtige wyse in die hart tuisbring. Die Bybel is baie duidelik

32 Teen die tyd wat die Here Jesus gekom het was daar 1,521 dinge wat 'n mens nie mag gedoen het nie, insluitend die redding van 'n mens wat verdrink. Ibid. p 53.

hieroor: 'die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard' wat deurdring tot in die diepste plekke van die mens en daar sy vernuwende werk verrig.

Ek sluit af met 'n aanhaling van een van die Puriteine, hoofregter Sir Matthew Hale: 'I have found by a strict and diligent observation that a due observance of the Lord's Day hath ever had joined to it a blessing upon the rest of my week, and the week that hath been so begun hath been blessed and prosperous to me; and on the other side when I have been negligent of the day, the rest of the week has been unsuccessful and unhappy in my own secular employments. This I write not lightly or inconsiderately, but upon long and sound observation and experience.'³³

Dr AG Miskin is predikant van die Gereformeerde Kerk Rietvallei, Pretoria

33 *Works of Sir Matthew Hale I*, ed. T.Thirlwell. 1805. p 196.

AKTUEEL

Dr ALA Buys

Die Herder van regte mense of die hoeder van menseregte

Menseregte, en of 'n christen enigsins iets daarmee te doen mag hê, gaan nie oor die vraag of jy jou eie waardigheid medemenslik waardeer nie. Beoordeling van menseregte gaan ten diepste nie daaroor wie jy as mens vir ander mense is nie, maar wie God is – en dat God se Seun, Woordeliks mens geword het. Is dit die kerk se taak om menseregte te bevorder? Mag die kerk menseregte as 'n soort noodwiel gebruik om godsdienstvryheid te bewaar?

Moet die Gereformeerde Kerke hulle besluite oor menseregte in heroorweging neem? Vrae soos dié duik dikwels op. 'n Woord-verantwoorde standpunt is gebiedend noodsaaklik.

Verkondigers van menseregte verstaan nie die ware¹ mens-wees

1 Hier moet van die begin die onderskeiding van beeld in *enger* en *ruimer* sin beklemtoon word. On-ware mense, blý mense – en dan mense van God (maar nie vir God nie). Dit beteken dat hulle onlosmaaklik aan God verbind bly, wat van hulle enduit verantwoording eis. In die sin kan Schilder selfs sê dat God sy verbond tot in die hel handhaaf. Die ware mens is die eintlike, egte

nie. Dit is die kernpunt: Kan die ware kerk nog sê dat hy die ware mensdom is? Dit is deesdae 'n skattejagspeletjie binne die gereformeerde teologie om allerlei bewyse Skriftelik te probeer opdiep dat God wel menseregte bedoel het. Dit gaan egter maar broekskeur om tussen die fundamentalisme en humanisme 'n

mense. Die wêreld, die ongelowige mensdom, is mense *qua* verbondstruktuur, maar gee geen egte antwoord aan God nie (vergelyk Van Wyk, 1993:8-14, in *Homo Dei* om slaggate hieroor te vermy). 'Menseregte' setel in God en nie in die mens nie. Hy het reg op al die mense.

gereformeerde basis vir menseregte te bied.

Rasegte menseregte het nie die Bybel nodig om vir die mensdom wys te maak dat hulle hulle soos godjies kan gedra nie. Hulle het regte omdat hulle mense is. Hulle bestaan is die fundering van hulle reg. Niemand gee dit vir hulle nie. Niemand vat dit van hulle af nie. Nou kom die legalistiese toutrekkery tot waar *my* regte strek en *joune* eindig. Daarvoor het die menseregte-ideologie, soos alle gewilde godsdienste, 'n priesterkaste nodig; die nege groentoga hoëpriesters (konstitusionele hof) wat die heilige lynregters sal wees oor die grens tussen *my* en *jou*, tussen *ons* en *hulle*, tussen *bo* en *onder*, die duim of hak. Maar in prinsipe mag alles: solank die balansbesluite op die regbank die gewig van *my* en *jou* waardigheid kan (op)weeg.

Maar hoe weet die regters van die grondwetlike hof, wat self gode² moes wees, wie en wat 'n mens is? Hulle mensbeskouing bepaal hulle uitsprake. Die opstellers en vasstellers van die menseregteland se (on)geloof oor wat die mens is, bepaal hulle wette en hulle uitsprake oor wat grondwetlik en wat ongrondwetlik is.

Mag ek my menseregte – wat hulle aan my toeken – onverbruik links laat lê? Mag ek my regte afgee of weggee? Mag ek sê: Ek weier om menseregte te hê, *want ek is 'n ware mens?* God het my veel meer as blote menseregte gegee. Hy het my sý heerlijkheid³ self gegee.

Sou dit ongrondwetlik wees? Sou ek mag sê: Ek ken geen twee soorte basisdokumente, die Skrif en die hand(ves)skrif nie? (Vra maar vir universiteite hoe moeilik is dit om in die kandelaarlige te wandel as

jy in die een hand die lig⁴ wil bely en in die ander met die handves-flitslig wil vlei. 'In U Lig sien ons die lig' of 'In ons eie kunsmatige liggewig-lig sien ons nie meer U lig nie?'). Niemand, ook nie post-moderniste, kan twee here hê nie; ook nie twee basisdokumente nie. Jy sal uiteindelik die een heimlik aanhang en die ander openlik vervang.

Menseregte gaan oor humanitêre waarde. Maar wie bepaal die definisie van mens-wees? Wie is die televisieskeidsregter oor die binnekant van die groen buitelyne waar die mens waardig mag trap? Wie sê wat is *in* en wat is *uit*?

God se menseregte

Die toevraag bly: Wie is die mens? Wat is sy waarde? Wat is sy reg? Kan christene help om hierdie vraag te antwoord? Behoort hulle? Nie vir die menseregte-aanhangers nie, maar juis *teenoor* die menseregte-religie. Kan 'n mens weet wat die mens is sonder die openbaring oor: wie God is, wat sý waarde is, wat sy reg is? Wat is sy verbondsreg, sy eiendomsreg op die mensdom, sy erfbesit⁵ van al die nasies? Weet hiërdie ware kerk nog wat God se menseregte is, sy reg op sy mense?

Nou ja, 'n nuwe lyn binne die gereformeerde teologie is handig met 'n beroep op Genesis 1:26. Mensbeeld is 'mens is beeld' – van God. Dus: Die mens het regte, want die mens is waardevol omdat God die mens maak het. Dus kerke, ware kerke, erken dat daar ware mense *buite* die kerk kan wees. Alle mense is ware mense, vanweë hulle skeppingsaard. Maar is dit waar? Is alle mense ware mense?

Die teoloë wat die hardste werk om menseregte in die kerk bely te kry is die wat die deontologiese⁶ poging⁷ aanwend.

2 'Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste – nogtans sal julle sterwe ...' (Psalm 82:6-7). 'Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit hulle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie, sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?' (Johannes 10:34-36).

3 'En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is' (Johannes 17:22).

4 'God is lig ...' (1 Johannes 1:5). 'Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus' (2 Korintiërs 4:6).

5 'Staan op, o God, oordeel die aarde! Want U het erfbesit van al die nasies' (Psalm 82:8).

6 Deontologie is pligsleer.

7 'In this chapter I endeavour to develop such a

Alles klink konkreet gereformeerd; *semper reformanda*. Die geen-werkheiligheid benadering is daar. Geen regte met betrekking tot God nie. Genade in Christus alleen. Die mens as beeld geskape. Die mense is totaal verdorwe⁸ – voor God alleen. Regte en pligte as wigte en teenwigte. Die mens is na die beeld en gelykenis van God geskape, en die gelykenis⁹ gee die mens-waardigheid.

Maar dáár is die kinkel in die kabel. Voor God alleen. Maar voor jou medemens is jy totaal waardevol.

Nie ware mense

Hier word 'n ernstige denkfout gemaak. Alle mense is nie ware

theory. I will then discuss the above-mentioned questions and others that might result from them in view of this theory. My central theoretical argument is that the concept of human rights can be defended from a Christian-ethical perspective in a deontological way.' JM Vorster (2004:87) in *Ethical perspectives on human rights*, Potchefstroom Theological Publications.

8 'Man has thus become damnable. Can a damnable human being still speak of rights? A right implies a claim. The total depravity indeed means that man has no rights in the face of God, in the sense that he cannot claim grace on the grounds of his own works. However, the total depravity does not mean that man must see his fellow men as damnable and should treat them as such. There are no grounds in Scripture for such anthropology. Before his fellowman, man has the human dignity that God gave' Vorster (2004:93).

'Argued from a christological and pneumatological point of view, this means that the likeness is in principle confirmed in Christ and will be fully restored with the Second Coming. The born again man now displays, like all people, a tarnished image of God, but will reflect a fully restored image in the new heaven and the new earth (Compare Gn 1:26-27; Gn 2:3; Gn 5:1; Lv 23-26; Rm 8:29; 1 Co 11:7; 15:49; 2 Co 4:4; Ep 4:22-24; Col 1:15; 3:10; Ph 3:21 and Hb 1:3)' Vorster (2004:93).

9 'The likeness gives man dignity. However, this is not human dignity in the sense of inherent goodness, but a dignity, an esteem that God gives him (Ps 8). Montgomery indicates that God gives this dignity and esteem precisely because of sin. From the likeness flows the responsibilities of man in this sinful dispensation. In spite of the total depravity, God dignifies man so that the sinful man in a broken world can act dignified. This dignity comes to the fore in that God gives man duties. The responsibility that the likeness brings and the duties that God gives, entail rights. Duties and rights are correlate concepts. The duty to protect life implies that man has a right to life. The duty not to steal presupposes the right to property. One man's duty establishes the other man's right. God does not give either duties or rights, but duties and rights as two sides to the same coin. When rights are exercised without duties, the rights are abused. This balance is of utmost importance in the Reformed view of human rights. Duties without rights become the breeding place of dictatorship and rights without duties become the breeding place of licentiousness. The likeness therefore does not imply a human nature that just involves rights. The fact that we have rights is not thanks to our nature, but to what God gives us. Our humanity and our likeness and our being representatives, are gifts from His hand and He gives man rights. Man does not have rights in the face of God, but before God' Vorster (2004:94-95).

mense nie. Net soos alle sektes nie ware kerke is nie (as ons nog ons belydenis, NGB artikels 27-30, ernstig opneem). Hier word nie onderskei tussen die *kreatuurlikheid* van die mens en die *verbondelikheid* van die mens nie. Groot woorde, ja, maar groter in betekenis.

As by die verklaring van wat dit beteken dat die mens na die beeld van God geskape¹⁰ is, nie die verbondsaspek in berekening gebring word nie, moet dit op verafgoding van die mens uitloop. Die mens, as waardevolle skepping, sonder om te verstaan dat God sy skepsel verbondsmatig aan Homself bind in 'n Vader-seun¹¹-band, is om die mens te verheerlik los¹² van God, is om die mens se waarde in *homself* te bepaal. Dit is juis waarom die eerste tafel van die wet gaan. Die mens is geskape om God se amp-telike¹³ (ver)bondsgeenoot te

wees. Dit kan slegs in en deur Christus die heerlike Herder. Die mens as kreatuur – sonder die verbondsvervulling van Christus, wat eers die eerste¹⁴ tafel en dan die tweede tafel insluit – is 'n afgod, kollektief of individueel.

Afgodery

As volslae menseregte-aanhangers dink hulle verskans hulle teen tiranne met hulle eie(meerder)waardigheid, misgis hulle hulle. Hulle is besig om kollektief juis die anti-chris op te roep. Want die verbond – ook al ag hulle dit nie – se struktuur het nie verander nie. Daar moet 'n Hoof wees. Die saamspanning van die mensdom tans (nou sogenaamd teen onreg, tirannie en verdrukking, en teen ontmensliking) gaan roep om 'n hooftroep in die stryd: die anti-chris.

Menseregte is per definisie afgodering omdat die verbond nie daarin geag word nie. Om die christene in die ware kerk op te roep om die mensdom in 'n trop te kry rondom 'n gemeenskaplike menseregtehandves is juis om herderloos op te tree. God het die mens na sy beeld en gelykenis geskape. Dit beteken onder andere dat die mens geskape is om kind te wees. Dit kan alleen wees in en deur Christus, die ware Seun van God, die ware mens. Die goeie Herder handhaaf die verbond as tweede Adam. Hy verwag nie dat sy kerk oppassers moet wees wat die mensdom net rondom die tweede tafel bymekaar moet hou nie. Wie mag ooit vir vryheid vanaf Gods-diens opkom,

is die mens in staat God af te beelden, hier beneden, in het zijne. ... dat die *gerechtigheid*, voorzoover ze ter sprake komen moet in de leer omtrent het beeld Gods, te onderscheiden is van de *forensische*...“ Schilder (1947:306) in *Heidelbergsche Catechismus* Deel 1.

‘... de mensch is BEELD Gods, en beeld GODS. *Beëld* Gods zijn, houdt in: God waarneembaar maken, de heerlijkheid des Heeren (dat is dan ditmaal niet, zooals in 2 Cor 3:18, de uitstralende heerlijkheid van den verhoogden Christus, maar de heerlijkheid van dien God, die hemel en aarde gemaakt heeft) op een of andere wijze te zien geven. En beeld Gods te zijn, dat beteekent: speciaal die eigenschappen en heerlijkheden en bevoegdheden en vermogens Gods af te stralen, en waarneembaar te maken, welke God als God eigen zijn, Hem God doen zijn.’ Schilder (1947:263) in *Heidelbergsche Catechismus* Deel 1. Vergelyk ook 255,265,237.

14 Vergelyk HK Sondag 34, vraag 93.

as daar dan maar net een God is? Sogenaamde godsdienstvryheid bring godsdiensgelykheid, bring gelyke afgoddiens: die mens se eie waardering van homself los van sy band met God.

Om vir die heiden te sê God het hom geskape en daarom het hy natuurlik regte en regspligte is, om die minste te sê, 'n halwe waarheid. God skep die mens nie om ooit los van Hom sy eie regte te loop kies nie. God skep omdat Hy 'n mede-arbeider wil hê. God wil nooit weer – ná die skepping van die mens – al(l)een wees nie. Hy wil verbind wees aan die mens as sy seun; soos wat God die Vader deur die Gees met sy Seun verbondelik lewe. Om nou te sê: dien maar ander gode, dis jou reg, maar my gereformeerde perspektief is Christus, is liefdeloos. Om boonop slegs klem te lê deur te sê: ‘Ek sal jou darem help om 'n leefbare samelewing¹⁵ daar te stel’ is juis om die liefde in sy kern aan te tas.

Jy kan jou naaste nie net met die tweede¹⁶ tafel liefhê nie. Die eerste twee gebooe gee jou nie die reg om ook darem gereformeerd te aanbid nie, dit gebied ware Gods-diens en verbied weg-van-af-Gods-diens.

Die ware kerk is die ware mensdom. Die nuwe mens is slegs in Christus moontlik. Die nuwe mensdom se reg¹⁷, om te eet van die boom van die lewe, is 'n verbondsreg op grond van Christus se verbondsetrouheid. 'n Skepsel wat sy verbond nie ken nie, is 'n afgodsmaker. 'n Skepsel wat sy verbondsheerlikheid nie wil behou nie, verraai en verdraai die heerlikheid van God. En dit verdien die doodstraf – van Eden tot Jerusalem, van tuin tot stad.

Dit is dus nie die vraag wat jou regte is en of jy menseregte het

15 ‘I will also argue that the constitutional democracy is thus far the most desirable model through which human rights can be protected and a liveable society can be established.’ Vorster (2004:87-88).

16 ‘Jy moet die Here jou God liefhê ... Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself’ (Matteus 22:37-39).

17 ‘... sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad’ (Openbaring 22:14).

10 Hier word nou buite rekening gelaat of die verbondsluiting geneem word as die skeppingsmoment en of die skepping van die mens as afsonderlike handeling naas die voorsondevalse verbondsluiting geneem word. ‘De kern-vraag is dus gelegen in de verhouding tussen *het humanum* en *het beeld Gods*.’ Berkouwer (1957:54) in *De mensch het beeld Gods*. ‘... nimmer de mens op zichzelf, maar de mens, die staat ... in deze oorsprong van een onvervreembare betrokkenheid op zijn Schepper.’ Berkouwer (1957:58) in *De mensch het beeld Gods*. Bavinck (1928:490 e.v.) *Geref. Dogmatiek*. Vergelyk selfs Barth *Kirchliche Dogmatik* III,2 # 45 (1948:242 e.v.). Die debat met betrekking tot *analogia entis* of *analogia fidei* word buite die gesigsveld gelaat.

11 ‘En Hy, Jesus, was ... die seun van Josef, die seun van Eli ... die seun van Set, die seun van Adam, die seun van God’ (Lukas 3:23,38).

12 ‘*Strictu sensu* is die mens GóD se mens. ... God het die mens in sy kreatuurlike uniekheid op 'n besondere wyse met gawes begiftig, hom toerekenbaar en verantwoordelik tot 'n besondere doel bestem en hom sodoende 'n besondere roeping geskenk. Hieruit volg in fundamentele sin dat die mens méns is, slegs kragtens sy betrokkenheid op GóD; dat vir sy bestaan en handele sy verhouding tot God ‘wesenlik’ (of as u wil: konstitutief) is; dat die mens (ook wysgerig gesien) nie los van God verstaan mag word nie. Wie die verhouding van die mens tot God prinsipiële buite rekening laat, die mens eksklusief kosmies (oftewel onties) wil verstaan en hom in dié sin wil verselfstandig ... [is] net soos daardie wetenskaplike wat 'n voëlnessie wil verstaan en verklaar, maar wat in *prinsipiële en fundamentele* sin die verhouding van die nessie tot die voël (wat dit gemaak het en vir 'n bepaalde doel gemaak het) buite rekening laat ...’ Stoker (1967:96-97) in *Oorsprong en Rigting* Deel 1.

13 ‘Het mensch-zijn zelf zou beeld Gods zijn? Hoe lang zal het nog moeten duren, dat men het beeld Gods ziet als een kwestie *alleen* maar van *natuur* of kwaliteiten en *niet* van ambt?’ Schilder (1947:294) in *Heidelbergsche Catechismus* Deel 1. ‘Het ‘beeld Gods’ is bij ons geen *optelsom* van *eigenschappen en qualiteiten*, waarvan men dan *zoo* of *zoo*veel procent hebben moet, om God te kunnen ‘afbeelden’. Het is opgenomen in een levend verkeer met God, als Verbondsgod. En *met dat verkeer moet het staan of vallen*. Want niet in *statische* pracht, doch in *levenden ambtsdienst*

nie. Dit is nie op die kaarte of die Skrifte die kerk verplig om menseregte te laat begin preek nie. Dit mag nooit katkisasiemateriaal word nie. Adam het sy vrou nie in menseregte gekatkiseer nie (terloops, sy het ook nie die reg op volwasse onderrig gehad nie). Prediking, en ook opvoeding, moet geskied in en vanuit God se verbondsreg: tot lewe en tot dood.

Ken jou regte? Nee, ken jou eie kinderlike heerlikheid as seuns-

kind¹⁸ en Seun-se-kind¹⁹. Weet dat 'n skaap en die kudde 'n Herder het: God se Seun wat sy eie heerlikheid aan die kudde gee, en sy en hulle Vader in hulle verheerlik. Wat meer wil jy hê? Ken jy jou eie heerlikheid, ware mens? Jy sal dit net leer ken in 'n kerk wat nie menseregte leer ken en geleer ken het nie.

18 'Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees' (Openbaring 21:7).

19 'Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het' (Hebreërs 2:13 en Jesaja 8:18).

Daar is 'n groot verbondsverskil tussen 'n skaapkraal en 'n bokkraal, tussen 'n skaap en 'n bok. Wie volg jy? Die Herder? Skape volg die Herder. Is jy 'n mens? Dan moet jy weet dat ware mense, regte mense, nie menseregte nodig het nie.

Dr ALA Buys is predikant van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord; tans Direkteur Navorsing by AROS, Pretoria.

FOKUS

Ds LSD du Plessis

By 'n sterwende gelowige op besoek

Toerusting oor die praktyk van siekebesoek by 'n terminaal siek persoon

Die inligting in hierdie artikel vervat, is hoofsaaklik gebaseer op dit wat 'n pastor oor baie jare in die praktyk van siekebesoek waargeneem het, geleer het en moes toepas.

Die onderwerp is 'n komplekse en sensitiewe aangeleentheid, enersyds omdat geen twee besoeke aan terminaal siek persone dieselfde is nie, en andersyds omdat die rigting en intensiteit van die gesprek dikwels bepaal word deur die geloofsekerheid al dan nie van die sieke, asook die hoeveelheid liggaamskrag en/of emosionele en geestelike krag die sieke tot sy/haar beskikking het.

My bede is dat hierdie artikel aan ouderlinge, asook elkeen in die amp van gelowige, toerusting sal bied wanneer 'n terminaal siek persoon besoek word.

Definisie van terminaal

Wanneer 'n medikus die prognose maak dat 'n persoon terminaal siek is, beteken dit dat die pasiënt (en/of die familie van die pasiënt) die

boodskap hoor dat daar, menslik gesproke, nog net 'n (beperkte) termyn van aardse lewe vir die pasiënt oorbly.

Die siekte is dus van so 'n aard of omvang dat die mediese wetenskap nie meer die kennis of middels het wat aangewend kan word tot genesing nie.

Wat nou?

Die impak van so 'n boodskap op die pasiënt, asook die familie, mag nooit onderskat of gering geskat word nie. Wanneer iemand met die werklikheid van die dood gekonfronteer word, bly die gemoed – minstens aanvanklik – met hierdie werklikheid, en min ander (aardse) dinge besig.

Daar moet rekening gehou word met die verskillende normale reaksies op so 'n mediese boodskap aan die pasiënt en familie. Hieroor later meer.

Selfondersoek

Dit is uiters belangrik dat die besoeker, voor die besoek gebring

word, deeglik selfondersoek doen.

- Die besoek gaan my emosioneel raak, want ek is net 'n mens, nie 'n masjien nie. Is ek emosioneel gereed vir die feit dat die pasiënt en familie moontlik baie van my emosionele energie gaan tap?

Dikwels het die sieke nie nog krag om die gesonde te dra nie. Die regte voorbereiding vir die emosionele in die taak wat op hande is, is om die Here te vra vir krag, insig en wysheid. Ten diepste gaan die besoek juis om die sieke van die Here se krag en genade te verseker. Wanneer die besoeker nie laat blyk dat hy/sy net van die Here die krag vir die besoek ontvang nie, word die besoeker maklik 'n emosionele las vir die pasiënt.

- Al het ons nie nou al die antwoorde nie, weet ek wat die Here in sy Woord oor die dood en daarna sê?

Om by 'n terminaal siek persoon niksseggende of soetsappige clichés te gebruik bring geen troos of perspektief nie.

Byvoorbeeld om te sê: 'Die Here pluk die mooiste blomme eerste', of: 'Only the good die young', gaan nie op nie.

Maak 'n goeie studie van gedeeltes soos 1 Korintiërs 15, 1 Tessalonisense 4:13-18 en Prediker 12:1-8.

Verder moet boeke wat hierdie belangrike en troosvolle gegewens sistematies weergee, ook deeglik bestudeer word. Enkele werke wat die belangrike feite duidelik uiteensit is: *Oor die dood uit die Woord* (Du Plessis, Ansie, 1986, Femina Uitgewers, Pretoria), *En as ek sterwe* (Momborg, HLJ, 2001, DBU, Queenswood, Pretoria), *Rousmart* (De Klerk, WJ) en *Sterwensbegeleiding* (De Villiers, Fredrika).

- Laastens is dit uiters belangrik dat die besoeker self volle sekerheid het oor sy/haar geloof; veral ook die sekerheid van die lewe na die dood (HK Sondag 22). Daar is slegs troos in die vaste wete van ons ewige adres.

Paulus dra die sekerheid wat die Here in 1 Tessalonisense 4:17 en 18 gee immers soos volg oor: 'Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle [die gelowiges wat deur die Here uit die dood opgewek is – LSD] in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.'

Eers wanneer hierdie goeie boodskap ook deel van my vaste oortuiging is, kan ek dit ook met oortuiging, en selfs blydschap, oordra.

Uit hierdie selfondersoek word dit duidelik dat die besoeker goed vir die besoek voorbereid moet wees.

En as ek hierdie selfondersoek, of sekere punte daarvan nie slaag nie?

Dan moet ek nie in moedeloosheid verval nie!

Ek moet juis dan die geleentheid aangryp om oor hierdie belangrike sake glashelder duidelikheid te kry. Sodoende kan ek des te meer

as instrument in die hand van die Here bruikbaar wees.

Natuurlik gaan die gesprek tydens die besoek nie altyd oor die dood en die lewe daarna nie. Een of ander tyd sal dit egter ter sprake kom, en dan is die besoeker voorbereid.

Moet 'n terminaal siek persoon weet dat die siekte menslik gesproke ongeneeslik is?

Oor hierdie vraag is die laaste woord nog nie gesê nie.

Soms is 'n persoon, saam met byvoorbeeld die diagnose van ongeneeslike kanker, ook baie swak as gevolg van hartversaking. In so 'n situasie kan die dokter of ook die familie vrees dat die skok van die ongeneeslikheid die dood kan verhaas.

Persoonlik is ek daarvan oortuig, en het die ervaring my oor baie jare geleer, dat die pasiënt die waarheid maar moet weet, hoe swaar dit ook al is om die boodskap oor te dra. Uiteindelik moet die pasiënt vir die dood voorberei, en kan dit nie betyds begin doen as hy/sy nie ingelig is nie.

Fases waardeur 'n terminale pasiënt gaan

Die impak van die boodskap dat 'n persoon terminaal siek is, het meesal sekere reaksies tot gevolg. Hierdie reaksies is nie altyd kronologies in dieselfde volgorde nie; dikwels skuif die gemoed rond tussen die verskillende reaksies.

- Die ontkenningfase
Tydens hierdie fase word die werklikheid ontken.
Die pasiënt gryp na allerlei moontlikhede, soos 'n tweede opinie, ander medikasie, ignoreer die probleem asof dit nie bestaan nie, en so meer.
- Die opstandigheidsfase
Tydens hierdie fase vra die pasiënt allerlei vrae, soos:
Waarom ek?
Wat het ek verkeerd gedoen om dit nou te verdien?

Hoe kan God toelaat dat so iets met my gebeur?

Waar is God? Bestaan Hy ooit?

- Die onderhandelingsfase
Wanneer hierdie fase aanbreek, probeer die pasiënt met God onderhandel.
Byvoorbeeld: As God genesing bring, sal ek ophou rook, of 'n groter dankbaarheidsoffer gee, of meer gereeld kerk toe gaan.
Vergelyk die vraag wat Jesus gevra het in Matteus 16:26: 'Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?'
- Die aanvaardingsfase
Tydens hierdie fase kom die aanvaarding uiteindelik, en kan die sieke eers regtig begin om vir die dood voor te berei.

Die besoeker moet deurentyd rekening hou met hierdie fases, en veral verstaan dat wanneer die sieke met byvoorbeeld opstandigheid worstel, dit nie sondig en verkeerd is nie, maar 'n natuurlike proses wat uiteindelik noodsaaklik is om by die aanvaarding uit te kom.

Deurentyd moet die sieke dus met groot empatie en geduld aangehoor en gelei word.

Vorbereiding vir die dood

Waar 'n mens se geboorte grootliks by die bewussyn verbygaan, is die dood 'n gebeurtenis wat deur die meeste mense wat sterf, deurleef word.

Dood bring allereers afskeid en skeiding. Die skeiding en afskeid wat ter sprake is, is die volgende:

- Skeiding en afskeid van die wêreld, die skepping. Reën en droogte, hitte of koue raak onbelangrik.
- Skeiding en afskeid van die aktiwiteite in die wêreld, soos werk, versorging van die tuin, en dergelike. Die sieke sal ook begelei moet word om afskeid te neem van belange – daar moet gedink word aan take en funksies wat die persoon beklee het, wat gedoen moet word met die

oordra van verantwoordelikhede en die finalisering van die testament.

- Skeiding en afskeid van vriende en kollegas. Uiteindelik raak dit baie vermoeiend om nog gereelde kontak met ander mense as die heel naastes te kan hê.
- Skeiding en afskeid van die medegelowiges, hoewel die vreugdevolle besef daarvan om uiteindelik weer saam by die Here te kan wees, baie belangrik is.
- Skeiding en afskeid van die natuurlike liggaam. Die klem val nie meer op die sindelike, soos versorging van die liggaam nie, maar op die gemak van die liggaam, deur pyn en ongemak heen.
- Skeiding en afskeid van geliefdes en familie. Hoewel moeite gedoen moet word om die pasiënt en sy/haar geliefdes betyds daarin te lei om alle onafgehandelde sake, soos 'n

testament, of gesprekke om vrede te soek waar daar nog onvrede is, te voltooi, moet daar ook vir die geliefdes geleentheid wees om afskeid te neem, te groet en in vrede saam met mekaar te wag op die wederkoms van die Here.

- Skeiding en afskeid van die aardse lewe. Uiteindelik breek die moment aan wat voor die grondlegging van die wêreld al deur die Here bepaal is: die sterwensoomblik. Hier waar geen mens jou verder kan vergesel nie, sterf 'n mens in die wete dat die Here sy engele stuur om ons na Hom te neem (Lukas 16:22).

Geloof en ongelooft

Dit is een saak om 'n gelowige wat terminaal siek is, geestelik te versorg. Wanneer die pasiënt egter 'n ongelowige is, is die taak van die besoeker baie belangriker. Die besoeker het dan as hoogste prioriteit om die vreugde in die evangelie en ook die ongelooflike

voorregte en beloftes wat net die Here gee, met die sieke te bespreek. Die saad van die Woord moet gesaai word, al weet ons dat net die Here weet waar die saad sal val.

Juis dan moet ons nie 'n koue skouer gee en onbetrokke wees nie. Ons mag die vreugde om as gelowiges in die Here te sterf, nie selfsugtig vir onself vasklem nie!

Samevatting

Die fisiese versorging van die terminaal sieke word in die artikel nie aangeraak nie, aangesien dit meer op die terrein van die verpleegkundige lê.

Wanneer die besoeker geestelik goed toegerus is, deur minstens die gegewens hierbo te deurdink en te verwerk, is hy/sy nie alleen in staat om te verstaan wat gebeur nie, maar ook 'n baie bruikbare instrument in die hand van die Here.

Ds LSD du Plessis is predikant van die Gereformeerde Kerk Groblersdal

OU GOUD

Wyle prof WJ Snyman

Land en volk in die Bybel

Teen die agtergrond daarvan dat baie lidmate deur die grondhervormingskwessie geraak word, is dit noodsaaklik om Bybelse riglyne ten opsigte van die bewoon, bewerk en besit van grond weer na te gaan. Onderstaande artikel is in 1964 gepubliseer. Ookal is daar bepaalde aksente wat eie is aan die vyftiger tot tagtiger jare van die vorige eeu (waaroor daar vandag bes moontlik anders gedink [kan/moet] word), blyk dat die saak onder bespreking nie nuut is nie.

Land en volk in die Bybel

Op die vraag of ons hiermee na die Bybel moet gaan, en of dit in die Bybel dan nie meer gaan oor die saligheid van die siel nie, moet die antwoord wees: In die Bybel gaan

dit oor die saligheid van die siel in verbondenheid met die liggaam van die mens in al sy verhoudinge, verwantskappe en samehange, ook met land en volk.

Die opvatting dat dit in die Ou Testament gaan oor 'n volk en 'n land, maar in die Nuwe Testament oor die individuele gelowige, is so diep ingewortel dat dit nodig is om die Bybel in hierdie verband wêr te lees.

Die feit is dat land en volk ook nie maar net sydelings in die Bybel ter sprake kom nie, maar 'n baie sentrale plek inneem. Vanaf Genesis 11 tot by Maleági gaan dit oor 'n volk en 'n land en oor volkere en hulle lande. Voor Genesis 11 was daar 'een volk' met 'een taal' (Genesis 11:6) en,

kan ons sê, een land. Die lyn loop deur. In die laaste hoofstukke van die Bybel lees ons van nasies wat in die lig wandel van die nuwe Jerusalem en hulle eer en heerlikheid daarin bring.

Dit gaan in die Bybel oor 'n besondere volk en sy land en in verband hiermee oor volkere en hulle lande. Dit sal die beste wees om te let op wat die Bybel leer omtrent die besondere volk en sy land om te sien wat afgelei moet word omtrent die afsonderlike volkere en hulle lande.

Verhouding tussen land en volk

Die Bybel sien 'n innige verhouding tussen land en volk

wat nader aangedui kan word as 'n ideële, 'n natuurlike en 'n verbondsverhouding.

Die ideële verhouding

Met die ideële word bedoel 'n verbinding in die gedagte. Die verhouding tussen land en volk is so innig dat die een nie sonder die ander gedink kan word nie. Dit kom daarin uit dat, soos nou nog, en ook in ons eie geval, volkere eenvoudig genoem word na hulle lande: Egiptenare, Assiriërs, Filistyne. Die Bybel gaan hierin voor in die volkeretafel (Genesis 11), waar 'die volkere' verdeel is 'in hulle lande'. 'n Volk word soms eenvoudig genoem 'die mense van die land', so Israel (Esegiël 22:29) en ook ander (Levitikus 18:27). Israel word ook genoem 'kind van die land' teenoor die 'vreemdeling' onder hulle (Levitikus 19:34). Dit kom veral hierin uit dat land as vervangingswoord (metoniem) gebruik word vir volk, soos ons 'Suid-Afrika', of 'Die Republiek' gebruik vir sy volk of hulle verteenwoordigers op enige gebied. In die Bybel kom dit op 'n opvallende wyse voor. Die volk word eenvoudig aangespreek as 'land': 'o Land, land, land, hoor die woord van die HERE' (Jeremia 22:29). Die land ween (Hosea 4:3; Joël 1:5); die land rouklaag (Sagaria 12:12); die land hoereer (Hosea 1:2), doen sonde en begaan troubreuk (Esegiël 14:13); die land is nie gereinig nie en kry daarom nie reën nie (Esegiël 22:24, 31). Hier gaan die woord van volk na land oor sonder herhaling daarvan. Die oorgang kom ook uit in die parallel: 'Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar?' (Jesaja 66:8). Die verband tussen land en volk is so nou dat 'n volk moeilik gedink kan word sonder land. Dit is ten minste iets ongerymds. Maar dan ook twee volke in een land. Die nuwe term 'veelrassige land' probeer ons gewoond maak aan 'n ongerymdheid.

Die natuurlike verhouding

Die innige verhouding tussen land en volk word ook gesien as 'n natuurlike. Die Here het Israel

geplant in die land. Juda is die tuin van sy verlustiging (Jesaja 5:7). Die inheemse wingerd is die geliefkoosde beeld van die volk. In Jesaja 5 het ons die lied van die wingerd (wat verwilder het); in Esegiël 15 en 17 die gelykenis van die onvrugbare wynstok; in Johannes 15 die van die vrugbare wynstok – dit is Christus.

In hierdie verband kan reeds gewys word op die betekenis daarvan dat na Christus heengewys word as die Spruit (Jesaja 4:2, ensovoorts), en dat dit by Jesaja in die gedeelte voorkom waar ook sprake is van die bevrugting van die maagd (7:14), en Hy ook genoem word 'die vrug van die land' (Jesaja 4:2). Hy is die Wortel uit die droë grond (Jesaja 53:1), die Steggie, geplant op die hoë berg van Israel (Esegiël 17:23).

Die gelykenisse van die Here Jesus aangaande die Koninkryk is so dikwels ontleen aan die land: die saaiër, onkruid in die akker, die landbouers, die onvrugbare vyeboom. Die Koninkryk van die hemele staan in noue verbinding met die land.

Hierdie gedagte van volksplanting druk die natuurlike verhouding tussen land en volk uit. Soos die volk die land kultureel bewerk en 'n volkskultuur opbou, so druk sy land 'n eie stempel op die kultuur van elke volk. Land en volk hang ook ten nouste saam soos daarin tot uitdrukking kom as ons spreek van 'landstaal'. Net soos gesê kan word: 'n Taal maak 'n volk, so kon ook gesê word: 'n Land maak 'n volk. Dit is natuurlik dat waar samewoning is in een land, daar ook samegroeiing sal wees, kultureel en andersins. In die geval van meer volke in een land val een van die fundamentele faktore om 'n eie volk te bly en die volkseie te behou weg. Daar is nie maatreëls te besin wat dit kan vervang nie. Daarom is dit natuurlik dat elke volk sy eie land sal hê. By die ontstaan van die afsonderlike nasies lees ons dat dit geskied het 'na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies' (Genesis 10:5, 20, 31).

Tot dieselfde slotsom lei die ander beeld, die van die huwelik. By

sy terugkeer sal Israel nie meer genoem word 'Verlatene' nie en die land weer 'Getroude' (Jesaja 62:4). As 'n volk nie tevrede is met sy eie nie, maar beslag lê op 'n ander land, is dit gelyk aan hoerery, soos Agab met die wingerd van Nabot. So dan seker ook as twee volke een land wil deel (nie verdeel nie).

Skeiding van land en volk is skeiding van wat by mekaar hoort. Geen groter ellende is denkbaar as 'n volk sonder land nie, of, wat dieselfde is, 'n vreemdeling te wees in eie land. Daaraan ontleen die woord 'ellende' sy betekenis. Daarom is ballingskap die groot straf in die Ou Testament. Dit is om vér te wees van die grondgebied (Joël 3:6) en vér weggedryf te wees onder nasies en verstrooi te wees in die lande (Esegiël 11:16) en verlossing is verlossing uit verplekke (vergelyk Efesiërs 2:13). Vir 'n volk beteken dit ontworteling, ontvolking (ontstamming). Calvin sê van die verstrooiing: Dit is as 't ware die dood van die nasie. As dit volksbestaan genoem kan word, dan is dit 'n verminkte bestaan soos van 'n siel sonder liggaam. In Jesaja 5 hoor ons die lied van die wingerd; in Esegiël 19:10-13 die klaaglied daarvan.

Daar is ook vergroeiings, verkankerings, dit is verwydering van grense en uitbuiting, die hoog uitgegroeide bome, waarvan die takke tot aan die hemel raak (Jesaja 10:33; Esegiël 31:14), soos Assirië (Jesaja 10:13), sodat die ander bome, seders, sipresse, platane in hulle omgewing verdring word (Esegiël 31:8). So ook Egipte (Esegiël 30) en selfs Israel (Esegiël 19:11). By Babel het ons die beeld van 'n draak wat verslind (Jeremia 51:34, vergelyk Openbaring 12:4; maar hy moet weer teruggee, Jeremia 51:44). Hy verswelg nasies. Moab is 'geen volk meer nie' (Jeremia 48:42) of 'geen nasie meer nie' (48:2), 'n 'kaal bos'. Dit gaan hier nie soseer oor vermenging nie as oor 'gemengde', dit is deurmekaar wonende volkere (Jeremia 50:37), 'n 'gemengde hoop' (Statevertaling), soos die geval ook is met Egipte (Jeremia

25:20; Esegïel 30:5) en Arabië (Jeremia 25:24).

Sulke vergroeiings is daar ook na binne, in die volksliggaam, ewe-eens grensoorskrydinge: ten opsigte van die grond van die land, totdat sekeres alleen grondeienaars in die land is (Jesaja 5:8; Deuteronomium 19:14); ten opsigte van lewensterreine, sodat die owerhede (herders) die volk verdring (Esegïel 34:8-9, 21; Hosea 5:10; Johannes 10:10) en die indiwidu opgeswelg word deur die gemeenskap. Dan is die nasie ook 'n draak wat verslind, soos die vis vir Jona, en Israel vir Christus op grond van die leerstelling van Kajafas: beter die enkeling as die nasie (Johannes 11:50). Soos die vis moet Babel egter weer teruggee (Jeremia 51:44, 45 en Openbaring 18:4). Dit beteken redding van die individu uit die ingewande van 'n verabsoluteerde nasie en die redding van die nasie uit die kloue van die verabsoluteerde wêreldmag, 'elke volk weer na sy land' (Jeremia 51:9). Dit is die teken van Jona. Dit sien op Christus en sy opstanding (Matteus 16:4). Die dood moet weer teruggee. Die individu se onsterflikheid lê nie in die nasie of in die mensheid nie, maar die onsterflikheid van die nasie (en mensheid) lê in sy gelowiges wat opstaan in Christus uit die dode.

Die verbondsverhouding

Die verhouding tussen land en volk is ook 'n verbondsverhouding. Dit is die besondere wat die Skrif ons leer in verband met land en volk, spesiaal met betrekking tot die volk Israel en sy land. Israel is verbondsvolk en sy land die beloofde land. Daar is so 'n nou verband tussen land en verbond dat dit gelykluidend geword het. Die Here het hulle uit Egipteland laat optrek en gebring in die land wat Hy aan hulle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie breek nie ... (Rigters 2:1); die Here sal dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham en dink aan die land wat Hy beloof het (Levitikus 26:42). Die land was nie alleen 'n beloofde land

nie maar ook 'n land van beloftes, bestem om te word soos die tuin van Eden (Esegïel 36:35), 'n herhaling dus van die paradys en heenwysend na die nuwe aarde (Esegïel 37:27; Openbaring 7:15-17; 21:3).

Die verbond het egter uit twee dele bestaan. As verbondsvolk was Israel verplig tot gehoorsaamheid. Die verbinding tussen land en volk was gebonde aan die hou van die insettinge en verordeninge van die Here (Levitikus 18:28). Net soos die land, so was die 'insettinge en verordeninge' gelykluidend met die verbond. Verwerping van die insettinge was verbreking van die verbond en derhalwe van die verbondenheid met die land (Levitikus 26:17, 33). Saamgevat was die verbondsverhouding: Wandel in die insettinge en onderhou van sy verordeninge, en: woon in die land wat die Here aan hulle vaders gegee het 'en julle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees' (Esegïel 36:28, vergelyk Openbaring 21:3).

Die insettinge van die Here omvat die hele wetgewing op Sinai (Deuteronomium 28:58), en sluit hulle verhouding in tot God, tot die naaste en ook tot sy besitting in die land (Deuteronomium 19:14) en hulle behandeling van die land self: die ballingskap was ook om die uitgeputte land sy Sabbatsrus te gee (Levitikus 25:2). Die onderhouding van die insettinge moes nie maar min of meer geskied nie, maar hulle moes daar baie vas by bly staan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe is in die wetboek van Moses (Deuteronomium 28:1, 58), om nie daarvan regs of links af te wyk nie (Josua 23:6).

Dan sou die beloofde land 'n land van beloftes wees, van vrugbaarheid van die land, van mens en dier, van welvaart en gesondheid, van seëninge in bedryf en boerdery, van vrede, veiligheid (ook op pad) en sekuriteit (Deuteronomium 28:1-12).

By oortreding sou daar skeiding kom tussen land en volk; die land sal nie gee wat dit beloof nie. Die verhouding sal versteur

wees. Hulle sal 'n geteisterde, bedreigde, kwynende, rampspoedige, ongelukkige, gefrustreerde volk wees in hulle land (Deuteronomium 28:15-68), deur siektes, honger, wilde diere en oorloë, die vier kwaai gerigte van die Here (Esegïel 14:21; Jeremia 14:12; vergelyk Openbaring 6:1-8). Hulle sal op hulle paaie oorval word deur ongelukke (Deuteronomium 28:19). Hulle sal vreemdelinge wees in hulle eie land, ander heersers in hulle eie land dien, wat die opbrengs van die land voor hulle wegneem (28:33); hulle sal altyd laer afsak, en hulle nie kan handhaaf teenoor die vreemdeling nie, wat hulle sal verbystreef in hulle land (28:43), die land wat die Here aan hulle beloof het. In plaas van sy lewensbodem sal die land 'n dode-akker wees. Die land sal egter nie alleen 'n 'menseter' wees nie (Esegïel 3:13), maar hom 'uitspuug' (Levitikus 18:25, 28). Die einde sal wees letterlike verwydering van volk en land. Die volk sal uitgeruk word (Deuteronomium 28:63) en die land 'n wildernis word (Jesaja 62:4). Die verbond sluit dus in dat ter wille van die oortreding van die volk ook die land deur oordele getref word (vergeyk Genesis 3:17, 18; Romeine 8:20). En: in die oordele wat die land tref vir die volk se oortreding, word die volk gestraf vir sy oortreding.

Die verbond het ook ingesluit: algehele apartheid, verbod op vermenging met die onder hulle oorgeblewe volkere. As hulle hul sou verswaer en sou vermeng met die volkere sal hulle wees "n vangnet, 'n strik, 'n angel in julle sye, dorings in julle oë, totdat julle omkom in die goeie land' (Josua 23:13). Vermenging is oortreding van die verbond. Die keersy van die verbond was die banvloek (Deuteronomium 7: 2), dit is algehele uitroeiing (Deuteronomium 20:16) wat nie ineens moes geskied nie, sodat die reste kon dien tot beskerming teen die wilde diere vir die volk Israel (Deuteronomium 7:22). Die uitroeiing was nie maar willekeur nie. Dit was omdat hulle ongeregtheid vol geword het

(Genesis 15:16), omdat hulle die land onrein gemaak het deur 'n 'gruwelike vermenging', naamlik van mens en dier (Levitikus 18:23). Daarom het die land hulle 'uitgespuug', wat later ook met Israel gebeur het vanweë hulle ongeregtigheid (18:28).

Die hou van die verordeninge en insettinge was hulle geregtigheid. Die verhouding tussen land en volk was 'n saak van geregtigheid. Deur gehoorsaamheid sou die volk geregtig wees op hulle land. Anders het hulle as verbondsvolk hulle aanspraak op die beloofde land verloor. Die band tussen volk en land was dus ontbindbaar.

Hiermee is die band tussen land en volk egter nog nie ten volle beskryf nie. 'Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie', maar julle mag geen verbond met die inwoners maak nie (Rigters 2:1). Die onontbindbaarheid van die band straal hier deur. As hulle onbesnede hart hom verneder en hulle boet vir hulle ongeregtigheid dan sal die Here dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham, en aan hulle land sal Hy dink (Levitikus 26:42). Die band was herstelbaar. Ook dan, as hulle in die land van hulle vyande is, verwerp die Here hulle nie en het Hy geen afkeer van hulle nie, sodat Hy 'n einde aan hulle sou maak nie, want Hy is die Here hulle God en Hy sal tot hulle beswil dink aan die verbond met hulle en hulle vaders (Levitikus 26:45). Ook dit was ingesluit in die insettinge en verordeninge en die wette wat die Here tussen Hom en die kinders van Israel by die berg Sinai deur die diens van Moses gegee het (Levitikus 26:46).

Die herstel van die band was seker. Ten diepste het dit in die verhouding tot hulle land nie oor hulle gegaan nie, maar ter wille van die Here (Esegiël 20:9, 14; 36:22, 32). Die heidene sou sê: Hierdie mense is die volk van die Here en hulle moes uit die land uittrek (Esegiël 36:20). Dit is die dieper grond van hulle geregtigheid. Daarom sal die Here hulle uit die nasies gaan haal en uit die lande bymekaar laat kom en hulle in hulle land bring. Dan sal die Here

skoon water op hulle giet en sy Gees in hulle binneste gee en sal máák dat hulle in sy insettinge wandel en sy verordeninge hou en doen (Esegiël 36:24-27). Dit is die nuwe verbond met sy nuwe geregtigheid wat bestaan in vergewing van sondes en die inskrywing van die wette in hulle harte (Jeremia 31:31-34) waardeur die band tussen land en volk verseker sal wees: 'En julle sal woon in die land wat Ek aan julle vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees' (Esegiël 36:28; vergelyk Openbaring 21:3).

Die betekenis vir volkere en lande

Omtrent die betekenis hiervan vir die afsonderlike volkere en hulle lande kan hier slegs enkele riglyne gegee word. Hieromtrent bestaan daar uiteenlopende menings.

'n Verklaring wat nie onbekend is nie, is dat (sekere) gegewens direk oorgebring word op die afsonderlike volke en hulle lande sonder inagneming van die verskil tussen Israel as besonderlike volk en die afsonderlike volkere. Hierdie wyse van verklaring kan bestempel word as naïef.

Tipies is die nog gangbare beroep op die verbod op vermenging, waarby oor die hoof gesien word dat dit nie gaan oor Israel as volk onder volkere nie maar as Heilige volk, en die bewering van hierdie enige karakter teenoor alle volkere, en dat vermenging gelyk gestaan het aan afval van God (Deuteronomium 7:4), en as oortreding geval het onder die eerste gebod. Diegene wat hierdie verbod op vermenging alleen geestelik wil verstaan en laat sien op gelowiges en ongelowiges (2 Korintiërs 6:14), op skeiding van kerk en wêreld, moet in die gelyk gestel word. Dit beteken nie dat die godsdienstige en Skriftuurlike fundering van afsonderlike volkere hiermee verval nie, maar slegs die verkeerde fundering daarvan.

Die regte fundering is nie in die afsondering van Israel (Genesis 12:1) nie, maar in die verdeling van die mensheid in

verskillende volkere (Genesis 10:5; Deuteronomium 32:8; Handeling 17:26), nie deur 'n verbod op vermenging nie, maar 'in hulle lande elkeen na sy taal' (Genesis 10:5, 20, 31).

Wil 'n volk sy afsonderlikheid bewaar, dan moet daarby kom: elkeen in sy land. Geen volk sal daarin slaag om by hierdie ordinansie van God verby te kom nie, ook nie deur 'n verbod op vermenging nie. In samehang hiermee moet ook gesien word 'n diep ingewortelde godsdienstigheid wat die toekoms van land en volk afhanklik maak van die godsvrug van die volk en die bewaring van die geloof van die vaders (vergeelyk die vyfde gebod). Dit is oorbekende klanke. Dit is so diep ingewortel dat dit baie onvroom skyn te wees en skyn in te druis teen ons volkstradisie as hierdie soort vroomheid enigsins aangetas sou word. Tog moet gesê word dat in hierdie volksvroomheid die onderskeid tussen Israel as besondere volk en sy land en die afsonderlike volkere en hulle lande verbygesien word.

Is die verskil dat die verhouding tussen land en volk by Israel 'n godsdienstige of 'n verbondsverhouding was, terwyl die verhouding by die ander volke wel as 'n ideële, kulturele, natuurlike, maar nie as 'n godsdienstige beskryf moet word nie? Die antwoord is: Die verhouding van elke volk tot sy land is ook 'n godsdienstige; 'n godsdienstige dan nie in die sin van 'n min of meer godsdienstigheid, waardeur 'n volk sy toekoms en die van sy land kan verseker of verbeur nie, maar in die sin van 'n verbondsverhouding, dit wil sê 'n deur God bepaalde en gelegde verhouding.

Die verskil is egter dat die verbondsverhouding by Israel 'n besondere, die Sinaitiese, was en by die afsonderlike volke en hulle lande 'n algemene, die Noagitiese. Die Sinaitiese was dat God met Israel, die besonder begunstigde volk en sy land (vergeelyk Jesaja 5) sou handel volgens hulle sondes. Die Noagitiese was dat die Here met die nasies en hulle lande nie

sou handel volgens hulle sondes nie (Genesis 8:21, 22). Hy sou sy son laat opgaan oor slegtes en goeies en laat reën op regverdiges en onregverdiges (Matteus 5:45; Handeling 14:17).

In die gangbare godsdienstigheid gaan die Noagitiese skuil agter die Sinaïtiese; word ons volkslewe geplaas op die basis van verdienstelike prestasies in plaas van 'n genade-grondslag; tree ootmoed en dankbaarheid wat weet van genade alleen, ook in die volkslewe, op die agtergrond om plek te maak vir 'n ingesteldheid wat homself verhef op die oordele wat ander volkere en hulle lande tref, soos in die geval van die Galileërs, en die mense wat getref is deur die ramp van die toring van Siloam (Lukas 13:1-5). Die antwoord van die Here Jesus kom daarop neer dat 'n mens maar net in ootmoed kan dank dat die rampe jou volk en land nie getref het nie, want daar is geen onderskeid nie' (Romeine 3:22).

'n Groot verskil tussen Israel en die nasies is dat Israel ook openbaringsvolk is, nie alleen in die sin dat God sy woorde aan hulle toevertrou het nie (Romeine 3:2), maar ook dat die hele geskiedenis van Israel 'n openbaring van God op die nasies is. Die openbaring in die besondere volk Israel aan die afsonderlike volkere is dat geen nasie enige geregtigheid het van sy eie waarop hy voor God kan staan, ook met betrekking tot sy land en sy toekoms nie. Dit beklemtoon die Noagitiese verbond vir die volkere, waarby Paulus ook aansluit (Handeling 14:17).

Ander menings is dat die gegewens omtrent Israel en sy land beperk moet word tot Israel, hetsy dan te verstaan as vleeslike Israel, met die verwagting van 'n letterlike vervulling van die profesieë, wat inhou die herstel van die gebroke verhouding tussen land en volk in 'n duisendjarige ryk (Chiliasme), hetsy te verstaan as geestelike Israel (die kerk) wat die natuurlike Israel kom vervang. Die geskiedenis van Israel en sy land – ballingskap en terugkeer – beteken in hierdie geval: ondergang van die volk Israel om 'n geestelike

Israel daaruit te laat ontstaan. Aldus die gangbare vergeesteliking onder andere van Esegïel 37.

By al die heftigheid waarmee hierdie twee menings mekaar bestry, is hulle hierin een, dat die afsonderlike volkere en hulle lande los staan van die besondere volk Israel en sy land; in die een geval so, dat die toekoms van Israel en sy land die van die ander volkere en hulle lande, ook van eie volk en land, geheel oorskadu; in die ander geval so, dat die afsonderlike volke en hulle lande soos Israel opgelos word in die geestelike Israel, en die gelowige ook innerlik losgemaak word van sy land en volk. Land en volk is dan nog hoogstens 'voorlaaste dinge' wat heenwys na 'n hoëre, geestelike gemeenskap en waardes.

Die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir elke volk en sy land kan alleen ingesien word as die besondere volk Israel en sy land nie losgemaak word van die afsonderlike volkere en hulle lande nie, en ook die geestelike nie van die letterlike nie. Hier kan slegs 'n aanduiding gegee word. Die terugkeer van Israel na sy land sien ten diepste op die geestelike terugkeer tot God (Markus 1:3, 4; vergelyk Jesaja 40:3). Die terugkeer van Israel het egter ook letterlik plaasgevind. Dit was dat hulle dáár, in hulle land (Markus 1:5) deur Johannes die Doper tot bekering gebring sou word, dat dáár die Heilige Gees op hulle uitgestort sou word (Esegïel 36:24-38, vergelyk 20:40-44). Die dieper grond vir hulle terugkeer was dat dáár, in die land van die belofte, die Christus gebore sou word. Hy moes juis daar gebore word, in Betlehem (Miga 5:1), as vrug van die land.

Christus het sy geboorte-grond gehad, sy vaderland, sy moedertaal. Dáár het Hy die Nuwe Testament opgerig in sy bloed.

Wat was die inhoud van die Testament? En wie die erfgename? Die Testament het 'n geestelike erfenis bevat: die koninkryk van die hemele en sy geestelike goedere. Maar ook 'n letterlike

erfenis: die koninkryk van die hemele sluit ook die aardryk in as erfdeel van die regverdiges (Matteus 5:3 en 5). Dit is die erfdeel van die volk van God. Die volk van God is die gelowiges uit alle nasies en stamme en volke en tale (Openbaring 7:9), en die gelowiges uit Israel en al sy stamme (Openbaring 7:4-8).

Mag ons ook sê: Alle nasies en stamme en volke en tale en geslagte in hulle gelowiges? Dan beteken die terugkeer uit die ballingskap nie alleen 'n geestelike opstanding vir Israel nie maar ook 'n letterlike opstanding uit die dode (Esegïel 37:12, 13; Romeine 11:11, 15) om sy erfdeel te ontvang op die nuwe aarde, 'want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees' (Jesaja 66:22).

Maar dan ook vir elke geslag en volk in sy gelowiges wat vreemdelinge en bywoners is in hulle vaderland wat, al is dit vry, staan onder die heerskappy van die dood. Die erfgenaam is die menslike geslag: Die boom met sy vertakkinge soos dit gegroei het deur die eeue.

Dit is die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir die afsonderlike volkere in hulle lande. Israel is afgesonder van die volkere in sy land om tot 'n seën te wees vir die afsonderlike volkere in hulle lande, in sy saad – in Christus.

Die band tussen land en volk is soos by Israel nie alleen 'n natuurlike, kulturele, ideële nie, maar ook testamentêr: dit is 'n saak van geregtigheid. Deur die geloof is 'n volk geregtig op sy land.

So kan 'n volk eers met reg spreek van sy land as sy erfenis.

Die artikel het verskyn in: Republiek en Koninkryk, Pro Rege-Pers Bpk., 1964, p. 24-37. Dit is later opgeneem in WJ Snyman se versamelde werke: Nuwe en ou dinge – uit die skat van die koninkryk. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, publikasiereeks nr 56. Pro Rege, 1977. Potchefstroom.

Kerk in die mark

'n Produk moet bemark word. Dit is die goue reël in die hoogs mededingende ekonomiese wêreld waarin ons leef. 'n Vervaardiger maak 'n produk en sal alles in sy vermoë doen om toe te sien dat die produk optimaal verkoop. Daar moet advertensieveldtogte geloods word, die kwaliteit van die produk moet hoog aangeprys word. In *Nader Bekeken* van November 2008 besin ds C van Dijk oor die vraag of 'n soortgelyke markgerigte denke nie ook al in die kerke posvat nie. Die evangelie moet 'verkoop'.

Met verwysing na bekende skrywers soos Robert Schuller, Bill Hybels en Rick Warren toon ds Van Dijk aan hoe daar veral in Amerika gepoog word om topverkoperboeke onder die mense se aandag te bring en sodoende die evangelie van Christus te 'bemark'. Kerke moenie outyds wees nie, maar saam met die stroom van die tyd beweeg.

Teenoor die markgerigte, sosiaal aanvaarbare evangelie wat menigmaal verkondig word, is daar diegene wat skerp kritiek lewer. Ds van Dijk verwys onder andere na Warren Smith wat in antwoord op Rick Warren se *The Purpose Driven Church* 'n boek gepubliseer het met die titel *Deceived on Purpose – The New Age Implications of the Purpose Driven Church*. In sy boek toon Smith aan hoe die veelgelede boeke van Rick Warren uitdruklike bande met die New Age denke vertoon. Die evangelie word aangepas by die smaak van die mens.

Op die vraag of soortgelyke probleme ook in Nederland voorkom, vestig ds Van Dijk die aandag op sekere aktuele vraagstukke (vry vertaal). *Dit blyk dat daar in die Gereformeerde Kerke in Nederland steeds meer gevra word na die noodsaaklikheid van die lees van formuliere by die doop en die nagmaal. Wat het buite-kerklike mense, wat 'n erediens bywoon*

waar die doop bedien word, aan so 'n 'droë' formulier waarin daar onder andere gesê word hoe sondig en doemwaardig die mens is? En wat is die sin daarvan om tydens elke nagmaalviering na 'n lang uiteensetting oor die instelling en viering van die nagmaal te luister? Is daar nie meer effektiewe en opwindende maniere om tydens 'n huweliksbevestiging op relevante Skrifgegewens, soos in die huweliksformulier vervat, te fokus nie? Kort saamgevat: is al die dinge wat die kerke doen en die formuliere wat gebruik word, 'n goeie bemarkingstrategie?

Daarbenewens moet die kerke hulleself afvra hoe hulle hulself op die internet bemark. Trek dit kerklose, kerklose en uitgesproke anti-kerklike mense aan om na webwerwe van kerke te kyk? Is dit nodig dat daar op die webwerf van die kerke so sterk gefokus word op die kerkorde waarvolgens die kerklike lewe ingerig word? Is daar nie ander maniere om die kerke meer gebruikersvriendelik bekend te stel nie?

Ds van Dijk stel in antwoord op al hierdie vrae: *Dit is belangrik dat ons besef dat ons as kerke 'n eie geluid het. Ons moenie skaam wees vir die eie styl waarmee ons kommunikeer nie. Dit is 'n ander styl as dié van advertensies. As kerke het ons 'n unieke plek op die 'mark van die lewe'. Dit kan nie met fabriek of winkels se produkte vergelyk word nie. Uiteindelik is dit die Woord van die lewende Christus wat die deurslag moet gee, nie die bemarkingstegnieke van mense nie.*

In Suid-Afrika word die kerke met dieselfde dilemma as in die VSA en Nederland (en seker oral elders in die wêreld) gekonfronteer. Vrae soos 'hoe kan ons die kerk kinder- en jeugvriendelik maak?', 'hoe kan ons buitekerklike mense in die kerk laat welkom voel?', 'wat kan

gedoen word om die evangelie op straat te kry en nie tussen die vier mure van die kerk vas te klem nie?' is aan die orde van die dag. Die vrae is nie noodwendig negatief nie. Intendeel, dit is kragtens Christus se opdrag om die evangelie aan alle nasies te verkondig (Matteus 24:14 en 28:19) van die grootste belang dat daar gedink moet word oor die wat en hoe van waarlik kerk-wees in die samelewing.

Vir een saak moet egter voortdurend opgepas word: Die Woord van Christus is nie 'n verkoopsartikel nie. Die almagtige God smek nie om aangehoor te word nie. Die verkondiging van die evangelie mag nooit in 'n smousery ontaard nie. Net so min mag die kerk van Christus, wat die evangelie moet bedien, ter wille van die samelewing gewild en bemarkbaar gemaak word nie. Die kerk se taak is nie om net vir sekere fases van die mens se lewe aanvaarbaar te wees en daarom 'n 'cool' en 'in' beeld van haar te laat uitgaan nie. Die woorde van 1 Korintiërs 1:23 en 24 maak dit duidelik dat die evangelie tweesnydend werk: 'maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God'. Struikelblokke en dwaashede is nie bepaald bemarkbare items nie. Tog behaag dit God om deur die 'mark-onvriendelike' dwaasheid van die prediking die wat glo, te red (1 Korintiërs 1:21). Aan God se behae moet die kerk haar hou. Die evangelie moet reguit, eenvoudig, goed verstaanbaar, skerp, opbouend, bemoedigend en vertroostend bedien word – al is dit vir die oor van die mens onaantreklik. So verkondig Paulus duidelik dat hy hom nie vir die evangelie skaam nie, want dit is die krag van God vir diegene wat glo.

Waardegedrewe sinode-agendas

Aansluitend by die gedagte van die 'bemarkbare kerk' stel dr J Visscher in *Clarion* van 10 Oktober 2008 in 'n redaksionele artikel die vraag: Wat bepaal die agenda van die kerk: Skriftuur of kultuur? Na aanleiding van 'n boek van David F Wells getiteld *The Courage to be Protestant* besin dr Visscher oor die verhouding tussen die Skrif en kultuur. In genoemde boek word 'n sterk uitspraak gemaak (vry vertaal): *Dit is belangrik om te onthou dat die kultuur nie aan die kerk haar agenda gee nie. Dit gee vir die kerk slegs haar konteks. Die kerk se geloof en opdrag kom uit die Woord van God ... Dit is nie die kultuur wat kerklike prioriteite voorskryf nie. Dit is nie die post-moderne kultuur wat moet voorskryf hoe gelowiges behoort te dink nie. Die beginsel is "Sola Scriptura", en nie "Sola Cultura" nie (p 98).*

Uit 'n ander bron, dié van Rodney Stark en Rodger Finke met die titel *The Churching of America 1776–1990*, haal dr Visscher 'n teenoorgestelde standpunt aan. *Kerke wat kontak met en aanvoeling vir hulle omgewing verloor, het misluk en verdwyn (p 55, 56).*

Beide stellings het dr Visscher laat dink oor die hantering van sake in die hedendaagse gereformeerde kerke. Volgens hom is daar sekere kerke wat agteroorbuig om in te pas by die kultuur waarbinne hulle leef. Om te groei moet die kerk kultureel aanpasbaar en buigsaam wees. Aan die ander kant is daar kerke wat met hulle Godgegewe roeping 'n sterk appèl op die samelewing maak, ongeag hoe dit ontvang word.

'n Derde bron wat deur dr Visscher aangehaal word is dié van H Richard Niebuhr, genaamd *Christ and Culture*. Niebuhr identifiseer verskillende benaderingswyses hoe die kerk te midde van die kultuur moet staan (vry vertaal):

- *Christus téén kultuur – hierdie standpunt gaan daarvan uit*

dat kultuur per definisie 'n vyand van die Skrifte is en dat Christene wat Christus in alles gehoorsaam wil volg, hulle van alle kultuuraktiwiteite moet afsny (vergelyk die Anabaptiste in die tyd van die Reformasie).

- *Christus ván die kultuur – Christus en kultuur word as versoenbaar met mekaar gereken. Geen spanning word tussen die Skrif en die kultuur gesien nie. 'n Mens kan aan alles deelneem (Gnostiek van die eerste eeue asook die liberale teologie en Social Gospel).*
- *Christus bó kultuur – dit veronderstel dat Christus nie teen kultuur is nie, maar dat Hy geheel en al daarbo verheve is. Sommige dele van kultuur kan dan met christenskap vereenselwig word, ander nie. Eintlik het Christus en sy Woord nie veel daarmee te doen nie (Clemens van Alexandrië en die Middeleeuse teoloog Thomas Aquinas).*
- *Christus en kultuur in paradoks – dit beteken dat Christene moet erken dat hulle in twee wêreldes leef, twee koninkryke met twee stelle reëls: die koninkryk van Christus en die koninkryk van hierdie wêreld. 'n Soort twee-ryke leer word geskep (Maarten Luther).*
- *Christus die Transformeerder van kultuur – ooreenkomstig hierdie standpunt word kultuur nie verwerp, blindelings weerstaan, of blindelings geduld nie. Kultuur word gekonfronteer met die evangelie van Christus. Daar word 'n voortdurende roep tot bekering na alle kulturele aktiwiteite uitgestuur (Augustinus, Johannes Calvyn, Abraham Kuyper).*

Dr Visscher kies vir laasgenoemde: *Met betrekking tot die taak van die kerk van Christus in die gemeenskap en in besonder dit wat op agendas van kerklike vergaderinge hoort, moet die kernvraag altyd bly: Wat sê die Here? Geen*

kulturele veranderinge nie, maar die vasstaande Woord van God moet die optrede van die kerke bepaal. Met oorgegewe liefde en 'n versekerde hoop is dit die taak van elke gelowige om in die lig hiervan sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees.

Tevore is daar in *Waarheid en Dwaling* ook al oor hierdie saak geskryf. Daar gaan voortdurend stemme op wat daarvoor pleit dat agendas van kerklike vergaderinge drasties gewysig moet word. Sake soos armoede-verligting, bestryding van HIV/Vigs, verset teen misdaad en geweld, toerusting van gelowiges om te alle tye paraat te wees, moet op sakelyste van sinodes dien; nie allerhande besware, appèlle en beskrywingspunte oor Skrifbeskouing, vroue in die kerk en Nagmaalviering nie.

Artikel 30 van die Kerkorde gee die basis wat op meerdere vergaderinge van die kerke hanteer moet word: kerklike sake; sake wat nie deur mindere vergaderinge afgehandel kan word nie; sake wat die kerke gemeenskaplik raak. Dit lei geen twyfel dat gelowiges binne die gemeenskap van die heiliges (kerk) waar die Here hulle roep, toegerus moet word om in die koninkryk van God (wat kultuur insluit) werksaam te wees nie. Deur rigtinggewende prediking, katkisasie en Bybelstudie moet die heiliges toegerus word om oral hulle lig te laat skyn. Christene moet in onderdanigheid aan Koning Christus aan kultuur-aktiwiteite deelneem en sodanig die 'donker' in die kultuur met die lig van die Woord bestry. Hierdie dinge moet christene in hulle amp van gelowige – profeet, priester en koning – doen. Maar dit beteken nie dat die kerk as kerk haar oor van alles en nog wat in die samelewing moet uitspreek nie. Al te maklik word die samelewing 'verkerklik', soos Rome dit voorstaan. Laat die kerk haar hou by dit wat 'des kerks' is: suiwer bediening van die Woord,

sakramente en tug. Die kerk van Christus se waarde is nie primêr geleë in haar NGO (Nie-regerings-

organisasie) status nie, maar juis dat sy – as bruid van

Christus in die wêreld – God se liefde én oordeel moet bewoerd en bewys.

Fundamentalisme

Dr Frits Gaum skryf in *By* (bylae by *Beeld*) van 3 Januarie 2009 onder die opskrif *Fundamentalisme – wat dit is (en nié is nie)* onder andere die volgende:

Christelike fundamentalisme het wel 'n negatiewe betekenis, soos ook ander vorme van fundamentalisme, maar geloof dat daar 'n God is, en dat die twaalf artikels (apostolicum) die saaklike samevatting van ons ware christelike geloof is, is nie fundamentalisme nie. Dit is doodeenvoudig geloof, ja. Soos christene al 2 000 jaar lank bely dat dit is wat hulle glo. En soos hulle dit sal bely totdat die Here Jesus weer kom. Christelike fundamentalisme het goeie kenmerke. Dit beteken byvoorbeeld dat die basiese waarhede van die christelike geloof met klem aanvaar word. Die fout kom egter by die alte letterlike verstaan van dele van die Bybel wat klaarblyklik nie letterlik opgeneem moet word nie, en om alle Bybeldele op dieselfde manier te wil verstaan. En die fout kom ook by 'n soort onverdraagsaamheid, selfs 'n militantheid, om bepaalde sienings – waaroor daar onder christene eerlike verskil van mening is – as die enigste 'Bybelse' sienings te verkondig.

Tipies van 'n fundamentalistiese Bybeluitleg is die verontagsaming van die konteks in sy volle omvang, soos die skrywer, die tyd van ontstaan, die kulturele omstandighede wat destyds gegeld het, die betrokke literatuursoort. Dikwels word selfs die vertaalde weergawe van die Bybel heeltemal letterlik opgeneem, sonder dat gevra word na 'n deeglike eksegeese uit die grondtale. Dit lei tot belaglikhede.

Dr Gaum lig sy stelling met 'n enkele voorbeeld toe: *Fundamentaliste neig daartoe om byvoorbeeld die skeppingsverhaal (Genesis) en voleindingsverhaal (Openbaring) letterlik te verstaan, terwyl dit mos duidelik is dat dit nie die skrywers*

se bedoeling was nie. Genesis en Openbaring behoort klaarblyklik tot ander genres as byvoorbeeld Ester of die evangelies of Handeling, wat wel nie moderne geskiedenis-handboeke is nie, maar gebeurte beskryf soos die skrywers dit beleef het of daarvoor nagevors het (Lukas). Dit is dus nie "fundamentalisties" om die evangelieverhaal oor Jesus se geboorte en lewe en dood en opstanding te verstaan soos Matteus of Lukas dit vertel het nie, maar dit is fundamentalisties om byvoorbeeld vol te hou dat die skepping in letterlik ses dae plaasgevind het "omdat die Bybel so sê", of dat 'n voorgeskiedenisverhaal soos dié van Noag en die ark letterlik soos dit in Genesis 6-9 vertel word, gebeur het, of dat net 144 000 mense gered sal word "omdat Openbaring 7 so sê".

Fundamentaliste hou nie daarmee rekening nie dat Genesis eerder wil sê dat God geskep het as hoe God geskep het; eerder dat God van die allervroegste tye by mense betrokke was as hoe dit alles gebeur het. En Openbaring wil sê dat God ook aan die einde van die geskiedenis daar sal wees, nie soseer hoe nie. Fundamentaliste haal Bybelse ook dikwels onhistories en wetties aan sodat dit die Bybel laat buikspreek ... en dan staan daar glad nie wat daar staan nie! Dit is meermale oor etiese sake dat fundamentaliste en ander christene bots. Dit is immers nie altyd duidelik wat God deur die Bybel vir christene vandag wil sê nie. Oor kernenergie of menslike kloning is daar nie klinkklare Bybelse opdragte nie. Maar wel het die Bybel 'n sentrale morele boodskap waarna ons – saam met ander gelowiges! – luisterend moet soek om in die lig daarvan nuwe morele riglyne oor eietydse kwessies te formuleer. Maar fundamentaliste is gewoonlik ongeduldig oor so 'n versigtige, maar beskeie benadering. Want hulle weet wat die Bybel sê, en basta verder.

Merkwaardig. Uiteraars merkwaardig. Dr Gaum is nie die eerste wat oor fundamentalisme skryf nie; seer seker ook nie die laaste nie. Maar wat merkwaardig is, is die 'fundamentalistiese', ongeduldige uitspraak wat hy oor die boek Genesis maak, asook die 'sentrale morele tema' wat hy meen om in die Bybel te sien.

Gelowige Bybellesers is deeglik daarvan bewus dat verskillende Bybelboeke verskillende soorte stof bevat. Psalms is nie dieselfde as Rigters nie; ook nie as Handeling of Openbaring nie. Elke literatuursoort (genre) word volgens die reëls wat eie daaraan is, verklaar en toegepas. Vir eksegete is dit 'n goue rigsgnoer vir Skrifverklaring en -toepassing. Op watter gronde dr Gaum egter meen dat Genesis 1 tot 9, anders as die res van die boek Genesis, nie historiese stof is nie, is duister. Om net te beweer 'dat dit mos duidelik is dat dit nie die skrywers se bedoeling was dat Genesis 1 tot 9 histories is nie', is uit die lug gegryp en oortuig glad nie. Sterker nog: dit plaas menige ander Skrifdeel op losse skroewe. Die Here Jesus gryp dikwels na die skeppingsorde terug (onder andere Matteus 19:4). En Petrus – geïnspireer deur die Heilige Gees – het klaarblyklik 'n meer historiese opvatting oor Noag en die sondvloed as dr Gaum (1 Petrus 3:20,21 en 2 Petrus 3:5,6).

Die ander gevaarlike denkskuif wat dr Gaum maak, is om die Bybel tot 'n boek met 'n sentrale morele tema te vereng – asof dit die een en al is wat God in sy Woord openbaar. Wát die morele tema presies is, sê hy nie. Wat hy wel sê, is dat ons in nuwe tye met nuwe vrae nuwe riglyne moet formuleer. Let wel: Die vraag is nie – hoe moet ons in die lig van die Skrif (dié Godgegewe riglyn!) oor 'n kwessie soos kloning dink nie. Die vraag

is: Hoe lyk 'n nuwe riglyn? Die verskil is beduidend. Diegene wat voortdurend nuwe riglyne neerlê, is inderwaarheid besig om 'n nuwe Bybel te skryf. Daarteenoor bely ons in NGB Artikel 7 dat die Skrif genoegsaam is. Die riglyn is duidelik

en helder: God is Koning oor alles; sy wet is van toepassing op almal en alle omstandighede.

Dr Gaum se 'versigtige, beskeie benadering' tot die Skrif is inderwaarheid 'n teken van

ongeduld en onbeskeidenheid. 'n Mens kom nie onder die indruk van eenvoudige, kinderlike gehoorsaamheid aan God se wil nie, maar eerder van eiewilligheid wat die openbaring teëspreek.

Hoe trek ons aan?

Dit is bekend dat skoliere in die meeste ander lande, onder andere in Europa, Amerika en Australië, geen vasgestelde skooluniforms het nie. Die klere wat kinders na skole toe aantrek is volgens mnr Otto Bouwman – skoolhoof van die *Cornerstone Christian School* in Lynden, Washington – 'n saak wat voortdurend en dringend aandag nodig het. Hy skryf in *Clarion* van 15 Augustus 2008 (vry vertaal) soos volg:

In baie gemeenskappe is die groepsdruk

van wat om aan te trek 'n harde werklikheid. Bekende handelsmerke soos Billabong en Roxy speel 'n belangrike rol in die klerekeuse van kinders. Kinders in gelowige huisgesinne spring die groepsdruk nie vry nie. Sommige ouers kan die groepsdruk maklik verwerk, terwyl ander heftig daarteen in opstand kom. Uiteraard is daar verskeie maniere waarop 'n mens na hierdie saak kan kyk. Een saak wat van belang is, is die vraag wat 'n spesifieke handelsmerk verteenwoordig. Dit mag 'n noodsaaklike en toepaslike oefening wees om presies vas te stel watter invloed van 'n sekere maatskappy – wat 'n bepaalde handelsmerk voorstaan – uitgaan. Wil 'n mens regtig hê dat kinders byvoorbeeld assosieer met 'n besigheid wat 'n uitgesproke anti-christelike agenda voorstaan?

Mnr Bouwman spel dit klinkklaar uit dat dit nie sy bedoeling is om een of ander merk klere voor of teen te staan nie. Die kernvraag waarmee hy worstel, is: *Hoekom trek kinders aan soos wat hulle doen? Dra hulle spesifieke klere om hulleself met iemand of iets te identifiseer? En as hulle weet dat dit waarmee hulle assosieer uitgesproke anti-christelik is, wat sê dit dan vir hulle? Of is die vraag dat hulle graag wil inpas by die groter geheel, 'n behoefte om 'te behoort aan'? So 'n benadering hoef nie altyd verkeerd te wees nie, maar dit kan skadelik wees. Reflekteer ons kinders se kleredrag hulle status as God se verbondskinders? Of word hulle blindelings volgelinge van diegene wat Hollywood dikteer?*

Mnr Bouwman se opmerkings en vrae dwing 'n mens tot stilstand. Menigmaal word daar geredeneer dat die Here nie kyk na die klere wat ons aantrek nie, maar na die hart waarmee ons Hom dien. Met so 'n redenasie word daar verskoning gesoek vir die kleredrag wat ons kies, veral as ons in

eredienste saamkom. Inderwaarheid berus dié redenasie op 'n valse teenstelling. Dit is 'n drogredenasie. Dit wat jy glo, waarvan jy oortuig is, wat jy uitleef, hoe jy eet en drink, en ook wat jy aantrek het alles met mekaar te doen. Die keuse van klere en kleredrag is deel van die uitleef van ons liefde vir God. Bogenoemde vrae dwing dus tot stilstand. Ons kan nie met drogredenasies daarby verby kom nie.

Dit is beslis nie maklik, of selfs moontlik, om 'n vasgestelde kleredragkode vir alle mense in alle lande deur alle eeue neer te lê nie. Die Here doen dit ook nie in sy Woord nie. Maar Hy gee wel bepaalde duidelike vertrekpunte en riglyne. Klere dien tot bedekking van die mens se skaamte (Genesis 3). Dit dien tegelyk tot beskerming teen wind en weer (Haggai 1:6). En klere dien as versiering (1 Timoteus 2:9). Menigmaal word daar in die Skrif na feesklere verwys. Aan die ander kant is daar sprake van rouklere. Omstandighede en gebeurtenisse bepaal die keuse van kleding.

Bo en behalwe die navraag wat na sogenaamde 'merk'-klere se oorsprong gedoen kan word, soos mnr Bouwman dit stel, is dit noodsaaklik om te vra: Watter beeld gaan van my as christenmens uit in die klere wat ek dra? Dit geld in besonder ook vir die klere wat ons na die eredienste aantrek. Sommige eredienste lyk meer na 'n byeenkoms op 'n strand of 'n rugbystadion as na die samekoms van die Vader en sy kinders. Hoe rym dit met die lewe van heiligmaking wat moet uitloop op die dag dat die gemeente verheerlik voor Christus gestel sal word, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande? (Openbaring 7:9; sien ook Efesiërs 5:27).

Dr GJ Meijer is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot, Pretoria

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr ALA Buys

Ds C Jooste

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: jdirdas@magalies.net

Intekengeld:

R150 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031